



NUWE REEKS XIII:2 MEI 1975

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



Ernst de Jong Atejees



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

tydskrif vir letterkunde

Redakteur:

ELIZE BOTHA

Redaksionele medewerker:

Elsa Nolte

Skakelredaksie:

J. J. Brits — W. A. de Klerk — Andre Demedts
B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij
Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P. J. Nienaber
Z. J. Pretorius — P. D. v.d. Walt — M. M. Walters
Eveleen Castelyn

Mei 1975 Nuwe Reeks XIII:2

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:

R4 per jaar. Los nommers: R1 per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak
deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings
van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

Inhoud

Pieter Claassens	: Gedigte	1
W. A. de Klerk	: Die skrywer in sy toorn	3
M. J. Brown	: Jammer	12
P. L.	: Die Deugniet wou toe ook	13
Frans Pointl	: Sterven in de zon	14
Chris Louw	: Gedig	20
Hendrik Prins	: Twee prosa's	21
Marié Blomerus	: Uit 'n nuwe bundel	26
J. B. du Plessis	: Riovaart	27
A. P. Grové	: Aantekening: 'n Klein literêr-historiese uitstappie	29
Elsabe Steenberg	: Annekie se rol in Bart Nel	34
Elza Koller	: Eendag	38
Anetha Lochner	: Gedigte	39
Vic Winterbach	: Gedigte	41
P. Sulzer	: Kenmerke van die Afrikaner in die spieël van sy literatuur	42
Miel Vanstreels	: Drie gedichten	52
Hymne Weiss	: Klein kroniek	54
Aletta Lübbe	: Bouzouki-spel	59
André le Roux	: Gedigte	61
Marietjie du Plessis	: Gedigte	62
Gerhard van der Linde	: Drusus Pinto	63

LITERÊR — AKTUEEL:

F. C. Fensham	: Die Afrikaanse Boekefees in die Paarl	66
—	Wedstryd vir oorspronklike Afrikaanse jeugverhale	67
Ou Grietjie	: Skyfies	68

WINTERSPROKIE

klavesimbellug
vol maan en kapok,
wie dwaal daarbuite
in die stil wit nag?

sy wat woon in die koringblomme
drie winters gebêre
in die Swartland se grond:

vreemd dat haar mond
geen wasem
asem...

OP PAD

die eerste gelui van klokke
hang 'n tjalie om haar skouers
met narsings en seringe
stap sy na die graf

op pad by die lukwartlaning
groet 'n buurvrou oor 'n heining:
"Môre Ella, jy dra so swaar.
Laat die kind die blomme by jou vat."

sy sien die muur
die dun sipresse
die eerste klipgesig in die hoek

haar kopdoek skud
sy beur vooruit:

dié voetspad is te smal vir twee

OM TE STAAN

om te staan onder die son
soos 'n misryblom:
eenvoudig
aards
gewortel in die grond;

om te blom soos hy
sonder groen finesse —
rooi omdat rooi
niks anders kan wees

ek word 'n boom
vol lower my takke —
groen skerms wat kwetter
met die tale van spreekus

niksseggend my stiltes
sonder rugstring my woorde

o dat die winter
my winterloot maak!

DIE SKRYWER IN SY TOORN*

'n Mens kan sê dat die besoek van die digter Breyten Breytenbach vroeg in 1973 aan sy land — die reis is geborg deur die koerant *Rapport*, binne die Nasionale bestel — die behoorlike begin was van 'n selfbewuste, toegewyde, dikwels geïmpassioneerde *littérature engagée* — betrokke letterkunde binne die sfeer van die Afrikaanse woord. Betrokkenheid — *commitment* — om as skrywer of digter *engagé* te wees (vermoedelik J. P. Sartre se woord) het, glo ek, sonder uitsondering politieke, of sosio-politieke gemoeidheid beteken: dan ook baie beslis links-vandie-middel. Hierdie skrywer altans het nog nooit gehoor van regs gesindes van ons dae wat hulle skrywer/digters tot betrokkenheid, *commitment*, *engagement* laat opvorder nie: wat geensins wil sê dat dit nie eens wel gebeur het nie. Dis net dat die styl, en die woordgebruik as element van daárdie styl, anders was. Dit sal wel nog duidelik word.

Die Sestigters, laat ons dadelik sê (ingeval daar gedagtes bestaan dat Sestigerheid en betrokkenheid sinoniem is), was nog maar betreklik flou eksperimenteerders. Eksentrieke stylvorms veral het hulle werk gekenmerk. Dis trouens 'n merkwaardige feit dat met al dié skrywery van Sestig daar ongeveer géén sosiologiese beeld — of sosio-politiese beeld dan — sy neerslag in dié letterkunde gevind het nie. Daar sal verstaan word wat bedoel word as ons hier verwys na *Ampie*, wat juis in daardie tyd toe armblankedom as die land se maatskaplike vraagstuk gesien is, met al sy diep-menslike reinigende komiek, 'n getuienis van 'n bepaalde tyd en samelewing: bowenal van die tydgees gegee het. Byna sonder uitsondering het groot prosawerke in byna alle letterkundes juis ook dit gedoen. Onthou Thomas Mann se *Buddenbrooks*, Galsworthy se *The Forsyte Saga*, en Proust se *A la Recherche du Temps Perdu*.

Nee, dit was nie so seer die Sestigters wat vir hulle die mantel van betrokkenheid aangetrek het nie — hier en daar is dit wel vlugtig aangepas — dit was die Sewentigers: 'n naam wat nie so dikwels meer gehoor word nie. Dit was hulle wat by 'n verskeidenheid van geleenthede plegtig hulle geloof in die taak van die digter/skrywer verklaar het om literêre draers van die boodskap van vryheid en geregtigheid te wees. Die toon is op 'n gedenkwaardige geleentheid aangegee deur Breyten Breytenbach self. Dit was in Februarie 1973 by die fameuse geleentheid toe hy 'n gehoor van sowat 400 — hoofsaaklik gesoute stads-Afrikaners — tot 'n toestand van byna tasbare kollektiewe skuldgevoel, met sagte aanslag en al, gemesmeriseer het. Sake in dié land was besig om vinnig en seker, het Breytenbach sotto voce meegedeel, tot die rand van die hel te beweeg. Dit het goed aangesluit by wat André Brink enige aande tevore met gelyke plegtigheid aan die gehoor beloof het: juis omdat Jack Cope en ander gekla het dat Sestig in sy geheel in sy benadering tot sosio-politieke wantoestande, té melk-en-wateragtig was. Die groot stormloop sou kom, het André Brink plegtig verklaar; ja-nee, maar alte seker sou dit kom; en dán sou die land 'n ding sien. Wel, die ding hê hulle

* Rede uitgespreek by die stigting van 'n werkgemeenskap van die Afrikaanse Skrywerskring te Bloemfontein, 16 April 1975.

toe ook gesien. En dáárvoor moet mens André Brink, as man van sy woord, die krediet gee. Die res is literêre geskiedenis.

Moenie reken dat hierdie nuwe sosio-politieke betrokkenheid in die styl van *commitment, engagement*, betrokkenheid (*left of centre*) net maar onder die Afrikaanse skrywers/digters van die jonger geslagte uitgeslaan het nie. Onder die ander kultuurgroepe was dit eweneens die geval. 'n Jaar of wat ná Breytenbach die U.K.-kampus so aan die brand gepraat het, was daar wéér 'n literêre beraad: op dieselfde plek. Dié keer het dit as hoofspelers gehad die *committed black poets* van die tyd. Die Engelstalige literators Christopher Hope en Walter Saunders het hiervoor aansienlike geesdrif gevind: in so 'n mate, ja, dat Christopher Hope niks in die Afrikaanse digkuns kon agterkom (N. P. van Wyk Louw en D. J. Opperman ten spyt; om van Breyten Breytenbach *et cum suis* nie eens te praat nie) wat iets anders gedoen het as om die Afrikanermagsbestel na die mond te praat nie. Walter Saunders het alles op sy literêre denims-en-sandale geplaas, toe hy ene Peter Horn aangehaal het as die model wat alle moderne toegewyde digters — blykbaar — voor oë moes hou. Dié sou dan by geleentheid gedig het:

*I do not walk in the forest
admiring flowers and trees;
but among policemen
who check my passport
and my political background . . .*

Klaarblyklik het nóg mnr. Hope nóg mnr. Saunders Breytenbach se *Skryt* gelees: 'n geskrif waarin die digter, denkende aan sy land, dié beelde oproep:

. . . ons moet sterk wees; binnegoed vol kraters en vlieë;
die berg is 'n slaghuis sonder mure;
oor die duisend heuwels van Natal
die vuiste van die krygers soos vaandels;
gevangenes lê in die modder: sien jy
myne waaruit slawe peul; . . .

. . . “ons is die volk, ons is swart, maar ons slaap nie.
ons luister in die donker hoe vreet die diewe in die bome
ons luister na ons krag wat hulle nie kan ken nie, ons luister
na die hart van ons asem; ons hoor die son
bewe agter die nag se riete, ons wag totdat
die vreters vrot en versadig uit die takke val —
'n vreter sal aan sy vrugte geken word —
of ons sal die varke in die bome leer klim”.¹

Daar is baie in *Skryt*, en ook in ander publikasies van die digter wat 'n véél intenser en meer toegewyde politieke aanklag is as enigiets wat nog in Engels, en wye aandag geniet het, uit Suid-Afrika gekom het. Terloops, dit is nogal interessant dat *Skryt* nooit verbied is nie.² Miskien is ons nie heeltemal sulke petieterige petuniatjies soos Rykie van Reenen onlangs voor gevrees het nie. *Kennis van die Aand* ten spyt, het daar selfs midde in die jare sestig — in die hoë tyd van die

(1) Aangehaal deur Ampie Coetzee in Rapport, 25 Februarie 1974.

(2) Daar word trouens gesê dat eksemplare van die eerste — en blykbaar enigste uitgawe — tans hoë Africana-waarde het.

Prometheaanse Afrikaner aan die orde, soos dié skrywer dit elders al beskryf het³ — genoeg promiskuse seks via die letterkunde beskikbaar geword om die mees wulpse, jeukende gemoed 'n lang somervakansie by die see, of 'n wintervakansie in die bosveld, pragtig besig te hou. Name of titels hoef nie genoem te word. 'n Mens moet nie onnodig skoor soek nie. U mag self gesien het welke stof so iets aan ons Sondagse massa-media dié der dae kan verskaf.

Dié ou klompie wat hulself die Afrikaners noem — omtrent soveel, ná drie of meer eeue, as wat jy in 'n gemiddelde Amerikaanse of Europese stad sou kon indruk — het nogal 'n taamlieke tradisie van filosofiese weerstand teen berekende beswadding. Lees gerus in dié verband die jongste uitgawe van die Van Riebeeck-Vereniging: *David Livingstone: South African Papers*: onder redaksie van I. Schapera. Soos Frank Barlow, die Voorsitter van die Vereniging, in sy voorwoord sê, is 'n kritiese ondersoek na hierdie en ander stukke van Livingstone, waarin hy geen geleentheid laat verby gaan het om uiting aan sy doodgewone Boerehaat te gee nie, in ons tyd ter sake. "Never was there such a parody on 'Liberty, Equality, Fraternity' before", skryf Livingstone vir publikasie aan die wyse wêreld, "and we much mistake the character of the supporters of these missions (die Frans-Protestantse Sending in Trans-Oranje) in France if they feel flattered by their fraternisation with the bloody sons of Belial beyond the Vaal River." Dit en nog boekdele meer. Geen wonder dat Frank Barlow van hierdie uitmuntend geredigeerde en geannoteerde weergawe van sommige van Livingstone se persoonlike dokumente sê: "They have also destroyed the myth of the 'humble self-sacrificing missionary saint'."

Ons dwaal af. Daar is ook maar net afgedwaal om u wéér eens daaraan te herinner dat die Afrikaners met laster in hulle ore groot geword het. Volwassenheid maak dat jy dit nooit te swaar opvat nie, eerder steeds herinner word aan die wankelheid, die broosheid, die doodgewone sonde van die mens: wat nie die besondere patent van 'n bepaalde kategorie ooit is nie. Die Bose — waarvan Van Wyk Louw gesê het, "ek is jou wese se ondergrond / en ek stap in jou spoor soos 'n goeie hond" — die Duiwel as jy wil, se ware naam is Legio. En die skrywer/digter wat dít nie steeds aanvoel en onthou nie, wat nie gelyktydig weet dat die lewe inderdaad vir die meeste van ons, soos Thomas Hobbes gesê het "poor, solitary, nasty, brutish, and short" is, kan nie hoop om enige tragiese of waarlik komiese (of dan tragies/komiese) siening van ons menselike bestaan te vind nie. Hy moet hom dan maar net besig hou met *bepaalde* booshede — kapitalisme, of kommunisme, of fascisme, of apartheid, ens. Daarmee word hy dan gevang, soos Denis de Rougemont so briljant aangetoon het, in die oudste strik van die Duiwel: die *alibi*. Roei uit die boosheid wat jy só geïsoleer het, sê dan ook die skrywer/digter — *committed, engagé, betrokke* — en siedaar, die wêreld staan weer glansend, in al sy herskape heerlikheid.

Maar die Duiwel lag — eenkant. Want staan jy van jou stoel af op, spring hy onder jou bodempie uit.

So dan, ook die Afrikaanse skrywer/digter het — taamliek laat in die eeu — *committed, engagé, betrokke* — begin raak, toe hy die sondes van apartheid plotseling ontdek het. Terloops mag hier gesê word: ander

(3) *The Puritans in Africa: The Story of Afrikanerdom*, Penguin Books Ltd. en Rex Collings, Londen, Augustus 1975.

het lank reeds op 'n verskeidenheid van maniere, buite die letterkunde om, die aandag gevestig op klaarblyklike gevalle van onreg: gevalle wat min vandag sal betwis. Dink maar aan die Nico Malan-teater in Kaapstad, Distrik Ses, aspekte van bevolkingsindeling, die toewysing van strande, ens. Met groot ywer is die boodskap in poësie en prosa nou egter ook verkondig. Iets vreemds het plaasgevind: die afspeel van 'n stukkie ironie wat ons ook weer moes herinner aan die onkenbaarhede van die Hemelse Grapjas. Presies die hewigheid van literêre verset teen apartheid het vir die skrywer/digter die beste verdieners geblyk te wees. En dié wat help betaal het was vir 90% waarskynlik te vinde onder die normale ondersteuners van die heersende bestel. Praat nou van boikot van die andersdenkendes onder die woordkunstenaars? Moenie laf wees nie . . .

Dit moes al redelik duidelik geword het dat die eintlike probleem met die sosio-politieke boodskap in literêre vorm in sy vlakheid lê. Die lewe word té gou en té maklik in herkenbare kollektiwiteite van goed en kwaad ingedeel. Dit word dan 'n soort super *Western*, waarin die *good guys* noodwendig met die *bad guys* moet klaarspeel. Die *good guys*, hulle wat hulle "solidariteit" in die naam van vryheid so klinkend aan die wêreld wil verkondig, wat die nuwe heilstaat van die mens belooft, wat ten enemale dan *justice* — geregtigheid wil vestig, kan onmoontlik weet dat wat hulle nou met sulke hoë idealisme nastreef sy eie bedroewende teëspraak bevat: iets wat wel nog gedemonstreer sal word. *Jedes Prinzip führt zum Teufel*, het Friedrich Nietzsche met sy kenmerkende en diepsinnige raakheid gesê. En vandag se sosio-politieke ideaal in die bloedgedrenkte geskiedenis van die baie Rewolusies van die Heiliges, soos Michael Malzer van Harvard hulle genoem het, is môre se tirannie.

Nêrens word dit beter gedramatiseer as in Thomas Carlyle, meester van die Engelse woord, se kamee in sy monumentale *The French Revolution*, toe hy vertel het van die lot van Jeanne-Marie Philipon, vrou van Roland, eens 'n hoë funksionaris van die Rewolusie. Net soos haar man, is ook sy oplaas na die skavot gevoer. Die guillotine, in enige formaat of vorm, verslind altoos oplaas sy eie beskermhere. Hier was Marie-Jeanne, die "Noble White Vision of the Revolution", soos Carlyle haar noem, hierdie epitoom van die Jakobynse visie van die voltooiing van die droom van Vryheid wat in 1776 deur die Amerikaanse Puriteine ten eerste maal geformuleer is — "Life, liberty and the pursuit of happiness". Hier was Marie-Jeanne op die skavot, vir laas het sy om haar heen gekyk. "Looking at the statue of Liberty which stands there," sê Carlyle, "she says bitterly: 'O, Liberty, what things are done in thy name!'" Dat sake sedertdien, in al die dreunende politieke idealisme van ons dae, nie verander het nie, dat al die menigvuldige rewolusies van die heliges wesenlik dieselfde bly, met hulle eie ingeboude tragies/komiese ironieë, is maar te duidelik as ons 'n koelhoofdige studie van die tydgenootlike geskiedenis wil maak. G'n wonder nie, dat De Rougemont soveel aandag ook skenk aan wat hy die Demoon van die Vryheid noem. Haar beeld, in ons eie tyd gesimboliseer deur die reuse-godin wat die ingang tot die hawe van New York bewaak, het ook niks verander nie. Sy bly, sê De Rougemont, soos die skitterende filmster, pragtig, aantreklik en verleidelik — van vér. Moet net nie met haar trou nie. Die Duiwel lyk dan soos Afrodite.

Die Angel-Saksers het Rewolusie uitgevind. Daarom was dit ook te wagte dat hulle die eerste sou wees wat in ons tyd met *committed, engaged*, betrokke letterkunde voor 'n dag sou kom. Hiervan was die digter W. H. Auden die vernaamste aanvoerder. Niks toon die steriliteit daarvan beter aan as juis die geskiedenis van Auden nie. Met die Spaanse Burgeroorlog woes aan die gang in die jare dertig, het Auden sy Marxistiese betrokkenheid op geen onsekere wyse laat blyk nie. Dit was George Orwell wat later daarop gewys het hoe Auden sy pragtige digtertalent juis op dié manier binne 'n verengende raamwerk geplaas het. Die Spaanse Burgeroorlog het verbygegaan en, *mirabile dictu*, Auden is tot die Anglo-Katolisisme bekeer. Baie van sy vroeëre verse, deurtrek met gedagtes aan Marxistiese herskepping van die wêreld, is daarop hersien — *om dit 'n Christelike inhoud te gee*. Hy het bv. by geleentheid geskryf van 'n utopiese geregtigheid — *justice* —

Of which uplifting, loving
and constraining power
All other reasons may rejoice and operate.

In die hersiene weergawe hiervan word dit egter:

Of *Whose* uplifting, loving,
and constraining power
All human reasons do rejoice and operate.

(Opsteller hiervan se kursivering)

Maar Auden self het toe ten besluite in die boek *A Certain World*, waarvan hy die samesteller was, die afdoende woord beaam. "By all means let a poet, if he wants to, write *engagé* poems, protesting against this or that political evil or social injustice. But let him remember this, the only person who will benefit from them is himself; they will enhance his literary reputation among those who feel as he does. The evil or injustice, however, will remain exactly what it would have been if he had kept his mouth shut". Wat eintlik wil sê: *les extrêmes se touchent* — die uiterstes ontmoet mekaar. En tussen die dingeland van Ver Regs tot Ver Links is daar niks te kies nie. Elkeen bly die poging van die wankele, strewende, soekende mens om sy eie hemel te bou — en word oplaas die private hel wat hy self skep. Hierdie wesenlike ironie lê nie slegs aan die wortel van die oermite soos opgeteken in die Kronieke van die Boom in die Middel van die Tuin en die Toring waarvan die Top tot aan die Hemel sal reik nie, maar ook aan sy vervulling in die Evangelie.

Die vervlakking van die sosio-politiese geëngageerde skrywer/digter is dat hy alle gevoel hiervoor moet verbeur. Hy word in die dorste rasionalisme vasgevang. Oplaas bly hy onmagtig om te besef dat die uiteindelijke nie dit is — soos Marthinus Versfeld eens in 'n essay gesê het — dat daar 'n man in of op die maan is nie, maar wel dat daar 'n maan in die man is: dat hy dit kan waarneem en opneem — en moontlik 'n gedig daarvoor kan skryf. Die dáárheid van die tafel is geen hoedanigheid los van myself nie. Dit is my presensie hier wat dit met 'n dáárheid beklee. Die ganse wêreld is trouens dáár, omdat ek dit dáár stel. Dit is ek wat die tafel *ob*-jektiveer, maar ook *sub*-jektiveer.

Dit kan nie anders nie. Sosio-politiese behepthed in die skrywer/digter wat pretendeer om diepsinnig te skryf, moet hom juis wegvoer van alles wat die wêreld om hom met die soort mistiek beklee wat Plato miskien die eerste in sy besinning van die wesenlike van elke geskaphed het. Die politieke Pantheon is 'n eenster-toeriste-hotel in 'n stad soos moderne Athene. Dié wat daarin tuis gaan, kom en gaan oornag. Word jy die môre bewus van jou geselskap by die ontbyt, kan jy verwag dat hulle vanaand nie meer daar sal wees nie. Dis trekvoëls dié — en die tak is maar 'n oorstanning. Dis maar 'n droë tak.

Niks is so verbygaande soos die politieke modes van die dag nie. Juis om dáárdie rede raak niks so gou verouderd nie, word dit so maklik deur die tyd ingehaal, hoe glansend ookal met krete van vryheid, die politieke boodskap of aanklag in die kleed van geregtigheid mag paradeer.

Richard Rive, eersterangse bruin prosaïst, juis na aanleiding van die diep bewoë digterstem van *Black Consciousness* — die literêre ekwivalent van *Black Theology* — sê in die Maart-uitgawe van die blad *Pro Veritate*: “James Mathews and the remaining poets of Black Consciousness must be reminded that correctness and nobility of intention in no way allow them to produce the polemical verse they do, nor does it validate their inability or refusal to fuse form and content.

“Whether the writers in South Africa feel they must protest or the protesters feel they must write is not relevant in the South African context. It is sufficient to realise that poetry that hammers away too hard at the message defeats its own purpose; and, as in the case of the Black Consciousness Poets, becomes a mere listing of grievances, interspersed with shrieks for revenge. This type of poetry, obsessed as it is with its message, impairs literary excellence. If poetry is to last and be meaningful, it must go deeper and beyond my special pleading at any particular time. And there are poets in South Africa, very fortunately, who are making this type of contribution. The enduring poems will emerge whatever the situation, and make their claim on time.”

“Whatever their situation . . .” En dáárin kan ons lees: al sou daar ook 'n sensor agter elke bossie wegkruip.

'n Pragtige voorbeeld van hoe die behepthed met die hervormende sosio-politieke boodskap, die aanklag teen die boosheid in sy partikuliere vorm, tot vervlakking en verwringing van literêre siening lei, is enige jare gelede deur nóg 'n swart digter — hierdie keer 'n Afrikaan — gegee. Dit het gegaan oor *Négritude*, wat tydens 'n beraad van swart skrywers en digters in Wes-Afrika die *leitmotif* van die byeenkoms gevorm het. Oplaas het dit geword soos eens hier by ons embrioniese gedreig het: 'n sogenaamde *vaderlandsletterkuude* — iets met 'n bepaalde sosio-politiese dimensie. Met verrassend-ironiese intelligensie het die swart digter Ezekiel Mphahlele die draak gestee met hierdie vervlakkingsproses — in die naam van *Négritude*. “What I do not accept,” sê hy, “is the way in which too much of the poetry is inspired by it (*Négritude*), as a symbol of innocence, purity, and artless primitiveness. I feel insulted when some people imply that Africa is not also a violent continent. I am a violent person, and proud of it, because it is often a healthy state of mind: someday I'm going to plunder, rape, set things on fire; I'm going to cut someone's throat; I'm going to subvert a government; I'm going to

organize a *coup d'état*: yes, I'm going to hunt down the rich, fat black men and destroy them. I'm going to become a capitalist, and woe to all who cross my path. I'm going to lead a breakaway church — there's money in it. I'm going to attack the black bourgeoisie, while I cultivate a garden, rear dogs and parrots, listen to jazz and classics. Yes, I'm going to cut the sinews of a baby to cure it of paralysis ...". Daartoe voeg hy dan by: "This is only a dramatization of what Africa can do and is doing. The image of Africa consists of all these things and others. And *Négritude* poetry pretends that they do not constitute the image and leaves them out."

Dit bring ons terug weer by die ooreenvoudigde, die vlakke in-deling van die lewe tussen die skuldiges en die onskuldiges: die *good guys* en die *bad guys*. Geen skrywer/digter wat sy sout werd is kan hoop om op dié manier diepte aan sy werk te verleen nie. Dis net maar omdat sosio-politieke betrokkenheid byna sonder uitsondering betrokkenheid binne 'n sisteem van abstraksies beteken — soos reeds in ons tyd aangedui, gewoonlik links-van-die-middel, maar nie noodwendig nie.

"But we are pursuing a road that daily becomes clearer" is daar nie so lank gelede nie elders in die wêreld geskryf: "We are in the midst of a time which is characterised by a will, surely everywhere perceptible, to create juster principles of religious brotherhood and freedom amongst the nations ... We have won through to inward and are now awaiting outward peace and justice ... We artists are teaching this credo to the children of our people ..."

Wie het dit geskryf? Nie W. H. Auden nie. Nie J. P. Sartre nie: die profeet van die *littérature engagée* in Frankryk, in die jare vyftig veral, iets wat die Franse al hoe meer begin verveel het; nie John Osborne nie; ook nie Breyten Breytenbach of André Brink nie. Dit is geskryf: deur Dr. Hans Friedrich Blunck, Ere-President van die Rykskamer vir Letterkunde, ten tye van die hoogkonjunktuur van die Derde Ryk van die jare dertig; lid van die Reich se *Kultursenat* en ook die Senaat van die Akademie vir Letterkunde. Ons is goed bekend met die lot van die Duitse Letterkunde ten tyde van die Derde Ryk. En die werklik skeppende skrywers soos Thomas Mann het elders gaan woon en hulle besig gehou met groot werke: soos *Joseph und seine Brüder* ...

Die mens toegewy aan sy "boodskap", sy aanklag, sy aksie om geregtigheid, moet as kunstenaar homself geweld aandoen, omdat hy sy wesenlike menslikheid verskraal. Om op hierdie manier betrokke te wees, beteken oplaas die dood van die letterkunde. Die moderne Sowjetunie is hier ter sake. Die werklike groot Russiese skrywers het die abstraksies van vryheid in enige vorm agtergelaat — dink aan Pasternak — en teruggekeer na die mens in sy tragiek, in sy komiek. Maar nie slegs die letterkunde word so ingekamp nie, ook die moraliteit.

Onthou die oorspelige vrou gekonfronteer deur haar aanklaers — en Christus dan wat die een sonder sonde opvorder om die eerste steen te gooi. Die aanklaers kla aan binne 'n abstrakte sisteem van geregtigheid. Christus verdoesel nie die sonde van die vrou nie, maar sien nitemin die *mens* in haar raak: die wankele, breekbare, sondige mens, wat steeds met sy eie wankelheid en breekbaarheid, eerder as met sy teenstanders, gekonfronteer moet word.

Wie het dit beter in ons tyd in groot poësie getoon as T. S. Eliot, wat die *Öde* — die *Wasteland* — van die mens, gevang binne wat Lewis Mumford genoem het die *insensate industrial city*, in al sy verval vir ons getoon het — *maar nooit as digter in oordeel oor sy medemens nie*. Die lewe is inderdaad verskraal tot “fear in a handful of dust”; maar die deernis vir wat mens is, bly nogtans; want hyself, Eliot, is ook maar mens, ook maar breekbaar:

‘You! hypocrite lecteur! — mon semblable, — mon frère!’

sê hy van homself . . .

These fragments I have shored againt my ruins . . .

Maar die hele groot siening van ’n tyd en ’n wêreld in verval eindig met die woorde

Shantih shantih shantih

wat die Buddhisme se ekwivalent is van: die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan.

Ook Dickens het in sy groot prosabeeld van ’n verworde tyd en samelewing niks weggesteek van die mens se ellende en feilbaarheid, van sy boosheid nie. Maar ook in die haglikste sosiale verrotting kon sy sin vir die skrynende komiek van die mens alles verguld: sodat ook die leser oplaas nie in vlamme oordeel staan oor die bese negentiende eeuse kapitalisme wat sulke toestande toegelaat het nie, maar essensiël in nederigheid voor die perke van die mens: gereinig ook deur die lag.

In die één roman waar Dickens wêl met ’n groot aanklag teen die sisteem gekom het, nl. *Hard Times*, het hy ook volgens die oordeel van ’n groot gees soos G. K. Chesterton sy swakste roman geskryf. As ’n sosiologiese oorkonde is *Hard Times* nie sonder verdienste nie. As ’n lewende herskepping van die mens binne ’n bepaalde verband moet dit egter misluk. Daar kom nie *mense* hier na vore nie, maar wel karikature. “The expression of righteous indignation,” sê Chesterton, “which cannot condescend to humour, and which cannot even condescend to pathos . . .” Só tipeer hy *Hard Times*. “Twenty times,” sê Chesterton, “we have taken Dickens’ hand and it has been sometimes hot with revelry and sometimes weak with weariness. But this time we start a little, for it is inhumanly cold; and then we realise that we have touched his gauntlet of steel.”

In dieselfde trant skryf Stefan Kamfer in *Time Magazine* van 15 Maart 1975 oor ’n film oor die onnoembare ellendes van die Vietnamoorlog: “And righteous indignation may tend to blind the documentary filmmaker to his prime task; the representation of life in all its fullness, not only those incidents that conform to his thesis . . . It becomes a narrow-gauge examination . . . The subject and scope of the South East Asian conflict (lees hier as u wil; *of the South African situation*) are too large for such narrow-gauge examination.”

In die geskiedenis van die Afrikaners was daar genoeg geleentheid vir heilige verontwaardiging en toornige oordeel: daar is reeds na David

Livingstone se verwerping van die *bloody sons of Belial beyond the Vaal* verwys. Maar dit bly nogtans 'n merkwaardige feit dat in àl die poësie na die Anglo-Boereoorlog, daar nooit so iets gekom het wat permanent deel van ons letterkunde geword het nie. Intendeel. Dit was gedigte soos *Oom Gert Vertel*, *Vergewe en vergeet* en *Winternag* wat die diepste ontroer, die diepste gespreke het; presies omdat dit bokant die ellende van dinge 'n algemene menslikheid onderskei het, wat deur alles loop. Dit is juis daardie geestigheid, daardie ligtheid van aanslag, wat van *Oom Gert Vertel* 'n groot gedig maak.

Wel nou, as ons nie langer met vlammende woorde aankla en oordeel uitspreek nie, wat sal ons doen wanneer ons die doen en late van hierdie vreemde tweevoetige, veerlose dier, bedeel met die onuitspreeklike gawe van 'n skeppende intelligensie, van vryheid, die mens moet verwoord? In die lig van wat gesê is, lê die antwoord eintlik voor die hand: *Ons moet ons sin vir die komiek/tragiek van die mens herstel*. En wat sou dit dan wees? Twee weergawes van dieselfde wesenlike mite, steeds met die diep wete dat die mite 'n soort hemelse snelskrif is: 'n kort begrip wat op mistieke wyse na ons uit die Onbekende gekom het. Om die metafoor te verander: dis 'n stuk Hemelse poësie wat ons bereik het en wat aan ons *die wesenlike van ons menslike situasie openbaar*. Saam kom dit voor in die verhaal van die Boom in die Middel van die Tuin (Gen. 3) waarvan die vrugte ons nog sal toerus met die finale kennis van goed en kwaad — en *ons soos God self sal maak*. Dit kom eweneens voor in die verhaal ook van die bouers van die Toring, waarvan die top tot aan die hemel sal reik — weer sodat ons soos gode sal wees.

Die mens op soek na Geluk ... Hier lê dan die kernironie van ons bestaan: 'n komiese maar ook tragiese ironie dat die hartstogtelike soeke na voltooiing, "selfverwesenliking", ons nie die eindsaligheid sal besorg nie, maar wel verbanning, vervreemding, uiteindelijke spraakwarring — sodat ons oplaas bankrot moet staan.

In mindere of meerdere mate is dit die tema van alle groot letterkunde: van Lysistrata tot die Oresteia, van Don Quixote tot by Hamlet: in komiek, in tragiek: tot in ons eie tyd op 'n ryke verskeidenheid van maniere; in baie tale; ook in Afrikaans.

Sien ons die doling van die mens met 'n komiese oog, kan ons wel nog gered word: want die lag moet ons nederigheid herstel, soos eens met die ou Ridder van die Droewige Gelaat. sien ons dit nie, dan moet ons maar die reinigende skouspel deurmaak — die katharsis: die ondergang van juis hulle wat so hoog gedroom het. Juis met daardie skouspel egter, staan ons nie in selfgeregverdigde oordeel, in heilige verontwaardiging nie. Ons staan eerder met deernis, wetende dat dit ook ons lot kon gewees het — was dit nie vir die genade Gods nie.

Hamlet sê in sekere sin alles. Want juis hier het ons te doen met die model van die hervormende rewolusionêr: hý wat die *rotteness in the state of Denmark* ten enemale wil regmaak. En natuurlik had hy veel reg om dit te wil doen. Nie alleen is sy vader verraderlik vermoor nie; sy moeder het selfs met die moordenaar getrou. Die groot alleenspraak vertel van alles wat in die verworde wêreld om hom ten enemale regge- maak moet word: *the oppressor's wrong ... the proud man's contumely ... the law's delay ... the insolence of office*.

Hoe bekend klink hierdie dinge nie in die moderne konteks van ook ons eie land; van die hele reeks van rewolusies van die heiliges ...

Watter hoër ideale kan daar wees as dié van die begaafde jong man — wat die verworde wêreld om hom wou regsien?

Die einde van die saak egter, soos ons weet, is geen nuwe wêreld, nuwe Denemarke nie. Die einde is 'n verhoog vol lyke. Die einde is Horatio wat die hele storie afsluit, as hy by sy sterwende vriend kniel, en sê: "Now cracks a noble heart ... Good night, sweet prince ...".

Hier is onmiskenbaar die stempel van groot letterkunde. Want — hier maak ons die hele komiek/tragiek van menswees deur; raak ons self in die proses gereinig. Paul Tillich het tereg gesê dat alle ware kuns openbaring is.

Maar vir daardie openbaring is daar méér nodig as net die mens se planne vir net maar nóg 'n efemeriese heilsorde.

Ek het 'n gedagte dat ook Breyten Breytenbach dit wel nog sal ontdek. Sy talent maak dit nodig.

M. J. BROWN

JAMMER

Druppels val op droë sand
en in die donker straat
en spoel die vlekke pêrs
van jakaranda oorskiet
teen die randsteen vas.

water, lewe, liefde tevergeefs
val op dorre aarde sonder
saad en sonder hoop
en sonder vrug
vermors.
(vir iemand)

DIE DEUGNIET WOU TOE OOK

Daar is dinge wat ek nie verstaan nie.

— Esteban Montejo

daar is dinge
wat ek nooit sal verstaan nie

dink bietjie
oom Sors kon sy ore roer

oom Herklaas kon ure loop praat
oor bobbejane met kieres
slakke met krukke
en muishond wat bromfiets ry

oom Hennop
ai oom Hennop
het daelank in die son sit kyk
tot hy stokblind was

en toe voel-voel
afgesit
voel-voel
afgevoel
spruit toe

waar hy wekelank
in die water bly sit het

en nog nie skoon gevoel het nie

maar hierdie deugniet
asjas
niksnuts
hierdie min-in-die-spieël-kyker

halfdier
half-?

van nêrens tot nêrens
en êrens
moet daar 'n vullisblik
of doopfont wees

wil bid

STERVEN IN DE ZON

Gevuld met overbodig en overtollig leven zat de oude man in een witte houten tuinstoel in de zon op de binnenplaats van het rusthuis.

Naast hem zaten andere oudjes, ingesoed door ouderdom en zon, de grijze hoofden omlaaggeknipt, bij sommigen droop het speeksel uit hun openhangende monden.

Een man die in een rolstoel voor een tafeltje zat, trachtte met bevende handen iets te boetseren uit het stuk grijze klei vóór hem.

't Lijkt wel of we allemaal, inclusief zuster Wolters, hier in de zon zitten te sterven, dacht hij wrang.

De hoofdzuster was er ook even gaan zitten, op een krukje en ze leunde tegen de witgekalkte muur, haar hoofd omhoog en met gesloten ogen. De zon priemde meedogenloos op haar vermoeide huid. De oude man keek op z'n polshorloge; halfvier, dus nog een uur vóór etenstijd.

Hoewel tijd voor hem iets volkomen onbelangrijks was geworden, keek hij wel vijftig maal per dag op dat horloge en als hij eens vergeten was het op te winden vroeg hij paniekerig aan de eerste de beste die hij in de lange, witte gangen tegenkwam, hoe laat of het was.

Hij had een eigen kamer in het rusthuis.

“Wat een mooie kamer hebt U hier toch!” merkten zijn schaarse bezoekers enthousiast op en steevast antwoordde hij met het hoofd knik-kend deze opmerking beamend “Ja, een mooie gevangenis”.

Eens per week op vrijdagmiddag precies vier uur kwam z'n dochter, vijftig en al grootmoeder, hem halen met de auto.

Hij ging dan maar vast naar beneden, dan hoefde ze niet op hem te wachten, hij liep erg moeilijk en langzaam, hoewel z'n gestalte nog kaarsrecht was, de mensen dachten weleens, als ze hem zo stijf en stram zagen staan, da's vast een kolonel geweest of een kapitein van een schip.

Z'n dochter was snel geïrriteerd “Kom vader, kunt U nu echt niet wat sneller lopen?”

Het irriteerde haar dat hij zo'n tijd nodig had om de auto in te komen. 's Avonds om elf uur bracht ze hem weer terug, want zo'n oude en bovendien zwaarmoedige man een heel weekend in je huis, dat was wel wat veel van 't goede, Charles en haar vader hadden trouwens nooit zo goed met elkaar overweg gekund.

Charles, haar man, had het ver geschopt, directeur van een middelgrote handelsonderneming, hij was hard, maar ja, dat moest wel in zo'n positie. In materieel opzicht hadden ze het prima. Haar zoon was ook op de goede weg, hij was pas afgestudeerd voor econoom en onlangs getrouwd, haar dochter was getrouwd met een snuggere, sympathieke

jongen die iets belangrijks deed met de computers van de K.L.M. Misschien was er met de tijd een plaats voor hem vrij op de zaak van Charles, daar zou hij met zijn capaciteiten sneller opklimmen dan bij de K.L.M.

Ze was pas grootmoeder geworden, haar kleinzoon had pientere oogjes, ze was ervan overtuigd dat hij 't ook wel ver zou schoppen. Tijdens haar huwelijk was ze, evenals Charles, hard en dominerend geworden en gejaagd en ongeduldig, hoewel ze dat zelf niet merkte.

De oude man was op tachtigjarige leeftijd samen met z'n vrouw in het rusthuis gekomen.

Zij was opgewekt, hij was z'n hele leven eigenlijk zwaartillend geweest maar zij had hem altijd weer met haar opgeruimde, optimistische aard uit de put getrokken.

Hoewel toen hun hele leven veranderde, het lukte, ze waren immers samen? Contacten met de andere bewoners van 't rusthuis hadden ze practies niet, op "goedemorgen" en dat soort uitdrukkingen na.

Tot z'n vrouw een beroerte kreeg, een week in eoma lag en toen stierf.

Dat is alweer drie jaar geleden, daecht de oude man.

Jammer, dat hij zo slecht liep en zo snel moe werd, anders zou hij de stad eens ingaan, ergens op een terrasje gaan zitten, eens door een warenhuis lopen, maar dat kon hij niet meer. Hij sprak zacht en moeizaam en als hij met door verdriet omflooerste stem over z'n vrouw sprak, waarmee hij tenslotte vijf-en-vijftig jaar getrouwd was geweest, begonnen z'n lippen te trillen en vaak begon hij geluidloos te huilen, steevast klonk het dan "En zij was altijd zo bang dat zij alleen zou achterblijven!"

"Kom vader" zei de dochter dan "we kunnen nu eenmaal niet eeuwig blijven leven, je hebt hier een mooie kamer en je wordt goed verzorgd!"

Haar vaders verdriet en zijn zwaarmoedigheid irriteerden haar mateloos. Meestal verknoeide hij haar vrijdag-avond door op te merken "Weet je nog wel, toen Johnny geboren werd, hoe blij je moeder was met haar eerste achterkleinkind, dat ze tegen jou zei "Nu ben jij grootmoeder" ach, ze moest eens zien hoe ik daar hele dagen op die kamer zit, elke oehkend als ik wakker word denk ik: wéér zo'n lange dag, hoe krijg ik die om? Soms heb ik neiging het raam uit te springen, je moeder is nu al ruim drie jaar geleden van me weggegaan, ik leef al drie jaar te lang."

"Hè vader, hou toch op, het leven gaat verder, let maar op de televisie, da's een leuke film, vind je niet?"

"Ja, een leuke film."

De witte lettertjes van de ondertiteling zag hij niet meer en z'n gehoor werd ook minder. Een nieuwe bril had geen nut meer, een gehoor-

apparaat evenmin, op zijn leeftijd tenminste niet, had de hoofdzuster gezegd toen hij de oogarts en de dag daarop een oorarts had bezocht.

Langzaam maar zeker zal ik blind worden en doof, m'n geheugen zal me in de steek laten, m'n benen zullen weigeren, ze zullen me m'n kamer afnemen en beneden in de ziekenboeg zetten tussen al die dementen die praktisch niet meer beseffen dat ze leven, dacht hij vaak.

Dan dacht hij weer aan z'n vrouw en daar kwamen de tranen.

"Moet U eens luisteren, meneer Ruis" zei de maatschappelijk werkster kordaat "je kunt tenslotte niet altijd bij elkaar blijven, vroeg of laat gaat één van beiden dood, als Uw vrouw nu was blijven leven na die beroerte, half verlamd, totaal hulpbehoevend, was dat niet erger geweest?"

"Ja, dan is het zó beter" antwoordde hij zacht.

"U hebt toch een lieve dochter, die U elke vrijdag komt halen, nietwaar, U bent altijd een goede echtgenoot en vader geweest, U kunt terugzien op een werkzaam leven, Uw dochter is goed terechtgekomen, Uw kleindochter is getrouwd, Uw kleinzoon is pas afgestudeerd voor econoom, U bent al overgrootvader, U bent nog redelijk gezond! Denk eens aan al die mensen beneden in de ziekenboeg, vergelijk U daar eens mee, daar bent U nog heilig bij! En U wordt hier goed verzorgd, Uw eten en drinken krijgt U op tijd, Uw goed wordt gewassen en versteld, Uw kamer schoongehouden..."

"Maar een mens heeft ook liefde nodig" antwoordde hij met nadruk op liefde.

De maatschappelijk werkster glimlachte en hield haar hoofd een beetje scheef "Tja, ik weet wel dat 't niet meevalt hoor" het klonk een beetje gemaakt.

Er kwam ook steeds minder bezoek.

Toen z'n vrouw nog leefde kwamen er nog weleens oude kennissen, dat was gezellig ook al kon je ze niet te eten vragen. Ze brachten een stuk buitenwereld mee, maar na 't overlijden van z'n vrouw nam het bezoek steeds meer af.

Een kaartje met "Prettige feestdagen en Gelukkig Nieuwjaar" kon er nog wel af, hoewel de feestdagen niet prettig waren en hij zich geen enkele vorm van geluk in 't nieuwe jaar kon voorstellen. Als z'n dochter hem vrijdags kwam afhalen en zei "je mocht de groeten hebben van die of die", antwoordde hij cynisch "Da's makkelijk, de groeten doen, leg ze maar op m'n tafel, het lijkt wel verdorie of er geen trams en auto's meer zijn om me te bereiken!"

"Nou vader" zei z'n dochter berispelend "'t is toch aardig dat ze naar je informeren, wat ben je toch moeilijk!" en ze dacht ik heb me met wat opgezadeld om hem elke vrijdag van vier tot elf in huis te halen, maar ja, vooruit maar, en ongeduldig "God, vader, kun je niet iets sneller lopen, Annie (het dienstmeisje) wacht op me, ze mocht haar salaris nog hebben en instructies voor maandag, straks komen Charles' vrienden en

daarvoor moet ik nog wat toastjes en zo klaarmaken, als jij zo treuzelt red ik dat niet allemaal op tijd."

"Ja kind, ik zal wat sneller lopen" en hij bedacht dat hij eigenlijk iets heel anders had willen zeggen, maar tenslotte was hij afhankelijk van haar, ze kocht z'n schoenen, overhemden, ondergoed, costuums, regelde het financiële, daar had hij geen kopzorg aan, dus zei hij het niet.

Vroeger had hij een kleine horloge- en klokkenzaak gedreven in de Amsterdamse van Woustraat.

Van z'n vader had hij wat geërfd en dat winkeltje had altijd goed gelopen. Z'n vrouw en hij konden zich best redden.

Zaterdags placht ze met enorme tassen vol boodschappen te sjouwen.

"Wat, hebben we dat allemaal nodig?" vroeg hij verwonderd.

"Ik heb de de Jongs en Meiers te eten gevraagd, gezellig!" Dan toog ze aan het werk en 's avonds was er een feestelijk maal.

Ze kon een gezellige sfeer in huis scheppen en als hij weer één van z'n pessimistische buien had, wuifde ze die weg met "Kom, in de prullemand met die zwaarmoedige gedachten, zo'n vaart zal het heus niet lopen, zwartkijker die je bent!" en lachend streek ze hem over z'n haar en meestal liep het ook niet zo 'n vaart, maar ja, dat swaarmoedige, zo wàs hij nu eenmaal en 't was een geluk dat zij z'n tegenpool was geweest.

Z'n dochter, ze was altijd een lief, aanhankelijk kind geweest, pienter ook, had ze niet de H.B.S. doorlopen?

Als ze niet met zo'n harde zakenman was getrouwd was ze heel anders geworden, die manier van praten en doen, dat heeft ze niet van ons, dacht hij.

Schoonzoon Charles was kort, zakelijk en arrogant, hij voelde zich, je merkte thuis dat hij gewend was op z'n bedrijf de lakens uit te delen, en dat korte, zakelijke, had Nellie nu ook over zich.

Charles schonk practisch geen aandacht aan z'n oude schoonvader, begroette hem met een onveranderlijk "Zó, hoe is het?" gaf hem een slap handje en verdiepte zich vervolgens in één of ander financieel blad of ging uitgebreid telefoneren.

Stipt om elf uur keek hij z'n vrouw aan en merkte op "Zeg, is 't geen tijd om vader weg te brengen?"

Als er relaties of kennissen van z'n dochter en schoonzoon kwamen, gaven ze hem een hand, daarna werd er een drukke conversatie gevoerd, waar hij niets van verstond, bovendien richtte niemand het woord tot hem; er had evengoed een lege stoel kunnen staan.

Z'n dochter zette dan de televisie aan en zei in z'n oor "Vader, ik doe hem niet zo hard aan hoor, je verstaat het toch niet goed en anders stoort het ons gesprek zo".

Mismoedig keek hij er naar, hij verstond niets en zag het ook allemaal niet zo duidelijk omdat hij er te ver van afzat, op het laatst gingen z'n ogen ervan tranen.

Op z'n kamer in het rusthuis legde hij weleens z'n oor tegen de luidspreker van het televisie-toestel, dan verstond hij tenminste iets, maar dan zag hij weer niks.

Politieke debatten, zo van "Achter het Nieuws" dat interesseerde hem nog wel maar het liefst waren hem natuurfilms, al hoorde hij het commentaar bijna niet, hij zag die kudde olifanten die in een verdroogd land wanhopig naar water zochten, hij had medelijden met de moeder-olifant die niet meer meekon en kreeg tranen in z'n ogen toen hij het kleine, jonge olifantje hulpeloos aan z'n stervende moeder zag snuffelen, hij had het dier wel willen toeschreeuwen "Ga met de kudde mee, misschien vinden ze straks ergens water, blijf niet bij je stervende moeder, straks wordt het donker, je zult een prooi worden van de wolven, leeuwen of tijgers, hyena's en de aasgieren zullen het allerlaatste vlees van je botten pikken!"

Hij genoot van de prachtige vlucht van de vogels, in spanning volgde hij het gevecht tussen een lynx en een stekelvarken. Hij moest lachen — en dat gebeurde zelden — om die kolonie pinguïns, wat wonderlijk dat het pinguïn-mannetje z'n vrouwtje terug kon vinden in die enorme massa pinguïns!

Oude dieren kunnen hun kudde vaak niet meer bijhouden, had hij eens gehoord, ze raken steeds meer achter; op hen loeren de wolven, want die vallen nooit een kudde aan, ze wachten op de afvallers, de achterblijvers.

Tenslotte is een oud hert steeds meer achterop geraakt, het is uitgeput, het struikelt en valt, meteen hebben de hongerige wolven hem te pakken. Het oude, afgepijnigde dier kan zich niet meer verweren en willoos ondergaat het een gelukkig snelle dood. De natuur dunt zichzelf uit.

Ik heb mezelf overleefd, een oud hert dat z'n plichten in het leven heeft vervuld, een vrouw heeft hem liefgehad en hij haar, ze hebben hun kind grootgebracht, zij is het huis uitgegaan en getrouwd, ook zij krijgt kinderen; het zaad is gezaaid en waait verder uit. Mijn taak is volbracht, ik kan niet meer meekomen met de kudde, ik ben echter niet onbeveiligd, maar netjes opgeborgen en als een plant krijg ik licht en water. De laatste maanden dacht hij veel na, hij sprak in en met zichzelf.

Voorzichtig, voorzichtig, maande hij zichzelf als hij een trap op- of afliep, voorzichtig ouwe jongen, ouwe botten breken snel maar genezen niet meer goed en dan... dan zou hij z'n kamer kwijtraken, zijn onvrijwillige huis, zou hij als het ware dakloos in de ziekenboeg belanden, daar had je hooguit een vaste plaats in een stoel of rolstoel en je sliep in de mannenzaal; het kon altyd nog minder en erger.

Z'n vader, die horlogemaker was geweest en tevens collecteur van de Staatsloterij, had hem de geheimen van her horlogemakersvak bijgebracht.

Hij was een goed vakman geweest, toentertijd ging dat van mond tot mond.

Als men een duur horloge bezat dat niet meer liep, bracht men het hem, hoeveel Omega's, Rolexen, Girard-Perregaux, Eterna's waren niet

door z'n handen gegaan evenals ontelbaar veel gewone horloges, maar of het nu een kostbaar of een eenvoudig uurwerk betrof, hij repareerde het met dezelfde toewijding. Het was altijd weer wonderlijk als de onrust opnieuw in beweging kwam, als de rode ankersteentjes naarstig in de radertjes van het ankerrad grepen.

De balans met het ragfijne spiraaltje erop, dat in een miljoenen malen onvermoeid herhaalde pulsering het gehele raderwerk in beweging hield.

Zo'n horloge-balans was als het menselijk hart, bedacht hij, neem je dat eruit dan staan alle radertjes stil, de tijd gaat voort maar de wijzers blijven stilstaan op de seconde waarop je het uurwerk van z'n balans ontrooft.

Ook klokken waren z'n liefde; hoeveel Zaanse klokken en Sallanders had hij niet verkocht en gerepareerd!

Klokken! Eens had hij een boek bezeten waarin letterlijk alles over oude klokken stond, waar was dat toch gebleven?

Hij had ook enkele malen de eer gehad een antieke klok te mogen restaureren, eens een bepaald type stoelklok, de ruempol en ook een keer een klok die ongeveer honderdvijftig jaar oud was, een amsterdammertje, ja die was van dokter Schuurman, die had hem van z'n vader geërfd.

Hoe ouder hij werd des te scherper werden de beelden van vroeger, zaken die hij al lang dacht te zijn vergeten verschenen zó duidelijk voor z'n geestesoog alsof een halve eeuw een halve week was. Door dat horloge- en klokkenwinkelje had hij ook veel kennissen gekregen: Simon Cohen, die hem onderdelen van uurwerken leverde plus gouden horloges.

Als hij daar een klant voor had sprak hij af met Cohen die hem vier modellen in consignatie gaf, de koper moest tenslotte enige keus hebben.

Was die keus gemaakt en het horloge verkocht dan kwam Cohen de andere drie klokjes weer ophalen. Vaak was hij blijven eten, Cohen's vrouw, Saartje werd een goede vriendin van Nel. De Cohens hadden de oorlog niet overleefd, voor hen geen rusthuis om gezamenlijk hun einde af te wachten.

Er ging een gong, eten!

Hij greep z'n stok en trachtte op te staan, het lange zitten had hem verstijfd, enkele malen viel hij terug in de harde stoel maar eindelijk stond hij dan toch en liep stram en langzaam met de onaantastbare waardigheid van een vermoeid despoot het rusthuis binnen. Een vrouw van ver over de zeventig riep iets naar hem, hij verstond alleen "We eten vanavond..." Opgewonden riep ze het terwijl twee rode blossen haar wangen kleurden.

Hij keek even opzij naar dat opgewonden vrouwmens met haar in zijn ogen bespottelijke opsmuk, de door ouderdomsvlekken en slappe vleesplooiën ontsierde handen zaten vol ringen, de nagels waren van een bloederig rood en om haar magere polsjes bengelden verschillende opzichtige armbanden.

Net een wijf van de kermis, dacht hij kwaadaardig, het enige waarover ze kunnen praten is eten: hoe vond je het eten? ik vond het vlees te droog en die soep te flauw, weet jij wat we morgen eten? M'n dochter eet zaterdag... nou ja, dacht hij even later vergoelijkend, wat hebben ze anders?

Een andere vrouw die ook iets tegen hem had gezegd, maar die hij niet had verstaan, tikte ongeduldig tegen zijn arm, hij keek en het leek alsof hij bevroor, die onbenullige vrouw mocht hij helemaal niet. Ze scheen dit niet te beseffen en bleef onverdroten tegen hem aankakelen.

Zeven jaar geleden was ze met haar man in 't rusthuis gekomen. Toen ze er een jaar woonden, kreeg hij een hart-aanval en stierf.

“Het valt niet mee als je op onze leeftiid alleen komt te staan” had hij eens teenover haar verzucht.

Onverschillig had ze haar schouders opgehaald “Ach, daar ben ik alweer overheen, ik amuseer me hier wel”.

Stomverbaasd, een beetje beledigd zelfs had hij gereageerd “Mist U Uw man dan niet?”

“Missen? Welnee, hij heeft tenminste geen koppijn meer en ik vaak genoeg!”

Hoe kon je zó spreken over iemand met wie je je leven had gedeeld, hij was toen zo verschrikkelijk verontwaardigd geweest dat hij ervan beefde.

Hij had het aan z'n dochter verteld, wederom bevend van heilige verontwaardiging.

“Maak je niet zo druk vader, niet iedereen is zo overdreven gevoelig als jij” was haar antwoord.

“Ja, dat is het, ik ben overdreven gevoelig, daarom leef ik veel moeilijker” zei hij hardop tegen zichzelf en liep met kleine pasjes de grote eetzaal binnen.

CHRIS LOUW

dooie voël en wat daaruit volg

dit is mos maar hoe die dinge gebeur:
'n plaas en grond en 'n voël op die wasgoeddraad
'n vinger op die sneller kan baie dinge verander
— ook nie net die dood nie —
as hy uit 'n donsiewolk grond toe fladder
dronkverdriet uit die rooiwyn
en ander wat ook daaroor mediteer
— is dit maar 'n stadium
— jy is nog jonk en wil uit jouself uit breek;
maar god
 die
 voël
 is
 dan
dood

ANDERKANT OOM STOFFEL SE DRAAI

Ons bereik so na 'n anderhalfuur die afdraaipadje. Die motor spring soos 'n jong perd as ek, soos gewoonlik, die eerste entjie plaaspad te vinnig vat. Maar die eerste paar knikke wat onsag ruk aan jou nek, laat my gou spoed verminder en versigtig voortkruie, stadiger as wat nodig is. En so sien 'n mens veel meer as wanneer dit vinnig gaan en jy net breë trekke waarneem.

Buurman is so verwonderd soos 'n kind. Veral die eerste versamelvoëlneste, waarvan een byna 'n hele vaalkameel bedek, is vir hom te wonderlik.

“Dit lyk soos opdrifsels van die sondvloed” is sy digterlike kommentaar.

Ek kry skaars kans om te knik, so hou die slaggate en die modderpoele my besig. Die lug is glad en grys en kort-kort val nog 'n los vlagie met groot druppels tussenin. Die grysheid laat die lug baie laer en donkerder lyk. In die grysheid is die blomme van die bontaalwyne besonder rooi teen die rosyntjebosse en vertoon selfs die vaalbosblare silwer en glansend teen die lug.

Hoe verder ons tussen die golwende rooigrasrûens vorder hoe opgewondener raak my buurman. Kort duskant “oom Stoffel se draai” trek ek, ten spyte van die koeligheid daarbuite, die lugtoevoer oop, en ek word nie teleurgestel nie, want dadelik waai die kenmerkende skerp Kruiegeur van die duineveld by die motor in. As dit wat sy oë sien my buurman lories laat raak, bring hierdie kruierige veldgeur hom nou behoorlik in ekstase. Sy beelde word byna boertig en ek sit in die stilligheid en dink dat reuk- en proeprikkels seker veel meer sensueel moet wees as 'n oog- en oorsensasie. En intussen maak buurman die lekker lyflike beelde met die grootste genot.

Ek kry skaars 'n woord in, maar as ek “oom Stoffel se draai” vat, noem ek die naam en verswyg met opset die storie wat daaragter sit.

Dit het die gewenste uitwerking. Buurman verneem nuuskierig na die naam se oorsprong. Ek vertel gretig hoe oom Stoffel Kamfer daar in die dertigerjare sy spits Fordjie op 'n onverantwoordelike en onbedagte wyse teen 'n volle vyf en veertig myl per uur in die draai ingestuur het, met die gevolg dat die distrik sy eerste ongeluk gehad het; en alhoewel taaie oom Stoffel nog van die goeie ou modelle was en niks oorgekom het nie, het die geskokte mense die verhaal ver in die Doringkalahari ingedra.

Ek hou baie van my eie storie en verteltrant, maar buurman is nie baie beïndruk nie. So bereik ons die eerste hek. 'n smoelneuker wat buurman tot my verbasing heeltemal maklik bemeester. Ek vertel hoe ons op die plaas 'n muil gehad het, wat sonder enige moeite enige smoelneuker en ander minder ingewikkelde hekke kon oopmaak. Ek kry die

indruk dat buurman my storie betwyfel en dink weer grimmig dat 'n ou wat sy lewe uit stories probeer maak, dit dalk later onmoontlik vind om iemand anders te glo.

Na ongeveer 'n kwartier, waartydens my buurman soos 'n langspeler sy woordkunstigheid ten toon stel, skep hy noodgedwonge 'n keer asem en kry ek die kans om te vertel hoe ons op die plaas die gewoonte gehad het om verskillende plekke name te gee. Die verskillende blokke lande was byvoorbeeld almal benoem: die turfland, die middelste land, die sandland. So ook die kampe: die gangkamp en die grootkamp, die perdekamp en natuurlik die kalwer- en skaapkamp. Hierdie dinge wek by my buurman geen emosie nie en ek sit dit vir myself en uitredeneer. Dit moet die assosiasies wees wat die verskil maak. Sê vir my maar net "mielieland" en dadelik hoor ek die bruin patrysies in die loom laatmiddag "waar's-die-mielie" roep in die land.

Deur die gryserige motreëntjie sien ek nou die enkele vaalblou bloekoms langs "Geluk" se asgrys opstalletjie. Ek beduie daarheen maar buurman bly soek met ongeoefende oë sonder om dit raak te sien. Miskien soek hy iets heel anders. Hoe stel 'n stedeling hom 'n plaasopstal, veral in hierdie harde en arm wêreld, tog ook voor?

Ek kyk strak voor my as ons uiteindelik voor die verweerde voorhekkie tot stilstand kom. Buurman huiwer 'n oomblik maar klim tog uit. Dit is doodstil op die werf. My motor, niks besonders in formaat of fabrikaat nie, lyk belaglik blink in die grys omgewing. Die reëntjie sif en ons stap vinnig voordeur toe. 'n Blaffende boerboel storm om die hoek, maar steek dan onseker vas en verdwyn met 'n paar tjankies weer om die hoek. Binne klink daar stemme maar niemand beantwoord ons geklop nie.

Ons besluit later om om te stap — ek ken die huis en die mense tog redelik goed. Toe ek in die oop kombuisdeur kom moet ek eers 'n hele rukkie staan om aan die byna stikdonker daarbinne gewoond te raak. Ek soek na die stem wat ek pas nog gehoor het. Dan sien ek die erg verslonste vrou op die vloer gekniel. Dofweg sien ek 'n kartondoos met 'n klompie donsige dagoudkuikens daarin. Die vrou is besig om daarlangs op die misvloer brokke miershoop stukkend te breek. Op my onsekere: "Tannie?" fokus sy skerp teen die lig en staan dan moeisam op.

"My wêreld Peet!" en dan meer ingetoë vir buurman: "môre meneer", met daardie anderse kwaliteit in die "meneer", 'n kwaliteit wat dit meer maak as die gewone betiteling van 'n manlike persoon.

Sy nooi ons in.

Buurman is besonder stil.

Ek verduidelik van die swepe waarvan ek buurman vertel het, die besonderse swepe en karwatse wat die oom vleg, en hoe hy my geen rus of duurte oor die ding gegun het nie.

"Die oom is vanmôre met die lyndraad af." Die stem is nog soos ek dit onthou, nou dat die effense bedeesdheid oor is; skerp en glans-

loos maar met 'n indruk van geweldige hardheid wanneer dit op die oor val. "Ek glo nie hy sal voor agtermiddag terug wees nie, dit lê oral plat."

Natuurlik is ons baie teleurgesteld, maar ons besluit om darem 'n bietjie te wag.

In die kombuis kan 'n mens nog steeds net vae vorms uitmaak. Alles ruik muf en oud. Die beskroomdheid is totaal weg en die tannie vra oor alles uit.

Dan bied sy koffie aan. Ek sien hoe my buurman se oë effens blink word in sy blekerige gesig. Maar hy weier nie. Vlieë, traag van die natigheid, gons deur die lug of kom sit klewerig op jou arm.

Daar is geen skinkbord nie en daarom vat die groot vet hand twee bekers aan die ore.

En dit is toe die tannie van die stoof af omdraai dat sy van die kokend warm koffie voor die stoof uitstort. Die volgende oomblik kry 'n donker hoop voor die stoof lewe, en met 'n skeermesskerpe geskreue vlieg 'n vet sog by die oop agterdeur uit. Buite skraap die boerboel haar en word dit 'n ware kakofonie as die werfhoenders ook op loop gaan.

My buurman het baie lank aan sy koffie gedrink. Sy oë het steeds na die blinkerige plek voor die stoof gedwaal. Toe hy uiteindelik klaar was, het hy baie haastig geword en begin aandring daarop dat ons moes ry.

Hy was doodstil en doodsbleek maar het met ystere inspanning alles binne gehou.

Toe ons by die teerpad indraai sê hy flouerig: "As jy aanstoot kan ons seker twaalfuur weer tuis wees?"

IN DIE SKADUWEE

Met die kenmerkende luidrugtigheid van hoërskoolseuns speel hulle sokker. Hoeveel van die spel se reëls hulle gehoorsaam weet hy nie, want hy ken die spel ook nie.

Dit het die vorige nag gereën en die harde Hoëveldse lug is daardeur effens getemper. Oor die plek-plek pokdalig opgehewe potkleiagtige rûens skitter al 'n ligte, glinsterende groen.

Maar nog steeds wek dit by hom geen toegeneentheid teenoor hierdie harde soort oopheid nie; mis dit die vreedzaamheid van ander ooptes in die land; Noord-Kaap, Noordwes of Karoo. En die aarde is weer sonder die sagte dralende traagheid van die Wes-Transvaalse skemer. Maar miskien is die moeilikste dat 'n mens jou self in hierdie leë landskap soveel sterker terugvind — jou eie hartklop en herinnering die enigste fokuspunt wat vas staan in die uitgestrekte niks.

Jakkie Viljoen skei gou van die ander af. Sy asem fluit en sy ligte blou oë lyk kleurloos in sy pofferige gesig. Hy soek die skaduwee van die pawiljoen op. Verleë vermy hy dit om na die onderwyser te kyk.

Selfbewus oor sy fisiese onvermoë, sy sakkerige ronde lyfie en die onaangename, asmatiese gefluit van sy bors, kom staan hy teen 'n pilaar in die skaduwee.

Die ander jil en ravot. Net die teenwoordigheid van die onderwyser op die pawiljoen voorkom dat die geniëpsige spelery in 'n grootskaalse vuisgeveg ontaard. Hulle is geniëpsig en wreed in hulle drang tot selfhandhawing — ten diepste onseker oor hulle eie manlikheid. Die gesprekke daarby is bombasties en uittartend. Die swakkere moet uitgeskuif word en wanneer fisiese bruutheid alleen nie meer genoeg is om die ander een te oorrompel nie, word die toevlug te dikwels tot krasse spot geneem.

Hy bereken jaarpunte; 'n lastige en irriterende werk veral nou, aan die einde van die jaar wanneer 'n diepe innerlike vermoeidheid 'n mens liggaamlik en geestelik tam laat voel.

Hy roep Jakkie nader om te kom help. Dié lyk nie baie gretig om te help nie, maar klim tog moeisam met die trappies op; nou al minder bleek om die mond — sy vrees om die onderwyser se gramskap te wek sterker as sy onwilligheid om met enigiets besig te wees wat te veel inspanning verg.

As hy eers aan die gang is, vind hy die hulp aan die onderwyser tog heeltemaal maklik. Die onderwyser se stem klink vreemd vriendelik en die seun vind dit moeilik om hom teenoor die anderse soort optrede reg in te stel. Hy sit hom en verwonder aan die onderwyser se eienaardige knopperige vingers, altyd effens geboë, die punte van die pinkies effens na binne gedraai. Jakkie dink dat die hande en stem nie by mekaar pas nie. Die hande lyk te hard, te krampagtig en die vel is styf en droog daaroor gespan. Die oë pas meer by die hande as die stem. Die koue, soms selfs gehate oë wat aan die onderwyser die bynaam "Vis" besorg het.

So sit die vreemde paar. Jakkie met sy asmabors en dik bene en die onderwyser met sy harde, krampagtige hande om die goudskitterende pen.

Die onderwyser dink so onder die skryf deur met sinisme daaraan hoe byna hy die seunsklas tot toegeneentheid gestem het, toe hy hulle aangesê het om na die sportveld te gaan. Die ekspressiewe seunsgesigte het opgehelder. Onseker as gevolg van 'n diepgewortelde teruggetrokkenheid is hy egter weer byna dadelik genoodsaak om sy gewone pose van kille verhewenheid aan te slaan. "Ek het beter dinge om te doen as om julle oortollige energie te probeer implimenteer", het hy met 'n deur die jare aangeleerde sarkasme enige erkenning of betoon van dankbaarheid summier gekeer. Die gesigte het dadelik verstrak, die vergunning was geen guns meer nie, eerder 'n opdrag om die ergernis van hulle teenwoordigheid te verminder. En dadelik was hy verlig. Nie gelukkig nie — net verlig, met 'n gevoel van veiligheid — want die so kunstig weggesteekte selfbewustheid, het dit vir hom nog altyd bitter gemaak om reg en waardig teen sy medemens se toenadering op te tree. Teen tekens van aggressie kon hy die tere binneste nog verskans, maar teerheid en toegeneentheid het 'n risiko, want daarvoor moet jy jou self oopstel, en lê die binneste kwesbaar soos 'n oopgelate kluis.

Eindelik is hulle klaar en sit maar so woordeloos na die uitbundige spel en kyk.

Om iets vriendeliks te sê vra hy: "Waar woon julle?"

Die seun lyk verras.

"Op die plaas, meneer'."

Die stilte wat volg is nou ongemaklik omdat die gesprek begin en nie voltooi is nie. Hy soek in sy gedagtes na nog iets wat nie formeel sal klink nie.

"Ek het ook op 'n plaas grootgeword, weet jy?"

Weer stilte. Die gesprek loop dood.

Sy ou kwaal kry die oorhand; hy versink in 'n sterk emosioneel gekleurde opwelling van herinneringe. As hy daarvoor kon praat, gemaklik en mooi soos hy al by 'n paar ander in sy lewe gehoor het; miskien sou die gedagtes dan brûe tussen hulle kon bou.

Digte kameeldoringskadu's oor die sagte sand. Ligbruin lewerikkies bo golwende gras in die somer.

Die skoolklok skel véraf.

Die seun staan op.

"Dankie, Jakkie."

"Dit was 'n plesier, meneer!"

MARIÉ BLOMERUS*

Dis te vroeg vir winter
te vroeg vir toewikkel in 'n jas
te vroeg vir somber deure om toe te gaan
voor troebel kamers
te vroeg vir hande uitsteek na kunsmatige vure;

die geel kruik staan nog buite
om goue lig op te vang

ek wil nog 'n somerhuis hê
wat wit toring met gedagtes en gelag
wat oopgaan in alle rigtings
óóp soos ontluikende see onder son
nakend en ontvanklik vir vibrasies;
'n somerhuis wat na willekeur kan wentel
deur wisselende landskappe
met seevoëls op denkbeeldige drumpels
en

'n somerliefde met jubelende omhelsings
met glansende tande en geel tonge
jubelend in 'n fanfare
van vlees en fantastiese lig.

* Van Marié Blomerus sal daar, eind Augustus, twee nuwe werke by Perskor verskyn: 'n digbundel, **Blou as beginsel van duisternis** (waaruit bostaande gedig geneem is), en 'n novelle wat handel oor Kaapkruis, **Soo-oo-oop-wa**.

RIOVAART

Vertrek

Met krikiesprong het dolosgooier sy karos
vol beentjies wild geskud en toe gelos:
Vir die voorspelling 'n lang ry,
seilwit beentjies op die see gesprei.

Helikopter

Die by wat soek waar seile wit oopblom,
tas in teer vlerkwind met sy pote krom,
om heimlik uit die warm somerlug
die seil in die groot kroonblaar te bevrug.

Maste

Spiese van impi's wat ligweg vlug,
steek wraakgierig na die lug.
Skilde bol soos hul dans oor die slote,
trap modder en skuim onder duisend veerpote.

**Hic III*

Oumeid uit die grond deur baie gate,
kruip die nag óp deur die gras en teen die late
dag in kom sy na die seekant kaal,
om die wegloop witkind te kom haal.

Patryspoort

Visoog staan star en lidloos,
blink sat teen die nat Suid-oos.
Maar teen die aandson later,
bloei hy rooi van bittersout water.

Kompas.

Die vier windstreke van die aarde
hou ek in driehonderd en sestig grade.
Ek het die vryheid van elke oord
maar sit self magneties gevang na Noord.

Seile

Magiese suising het ek in 'n skulp gevang,
digby my oor geluister en half bang
dit voel wegbiggel en toe traanwit
op die aarde se dik wang voel sit.

Oorvaart

Die koers op kaart, markant na sy bestek,
het ons gemeet teen wind en stroom van plek tot plek;
en op die oop see toe, van land tot land,
duursaam die lyn gesoom met Brusselse kant.

Kees Bruynzeel

Weerkaart met hoog- en laagdruklyne sy gesig,
meet hy in lepel van die seil die windgewig.
En met die boeg en kiel van daardie boot,
klief hy die halfrond tot die wit spek oop.

Aankoms in Rio

Kortstondig wit in wind en son het hul geblom;
Maar nou soos winter kil oor akkers kom
sien ek in die hawe, droefgeestig deur my ruit,
hoe kaal staan elke stingel op sy kluit.

* Hic 111 is die jag wat die eerste dag al met 'n gebreekte mas na die hawe moes terugkeer.

AANTEKENING: 'N KLEIN LITERÊR-HISTORIESE UITSTAPPIE

Onlangs is 'n dokument in Toon van den Heever se handskrif tot my beskikking gestel. Dit beslaan twee velle en bevat onder die titel "Hoe Hulle In Afrikaans Sou Geskryf Het" drie uit die vier gedeeltes van die satiriese gedigreëks wat onder die titel "Hoe hulle Afrikaans sou geskryf het" in 1931 in *Eugene en ander gedigte* opgeneem is.

Die eerste gedig, gemerk "I", begin met die reël "As of daar skurwe koppies wyd die wêreld besproet". Die naam "Da Costa" bo-aan dui klaarblyklik daarop dat die gedig 'n parodie op die styl van dié Nederlandse digter wil wees.

Onder "II" verskyn twee vierreëlige gedigte. Die eerste een vang aan met die reël: "My siel is so groot soos die oseaan" en die tweede met: "Bommelby, bommelby met jou uit bandolier". Bo-aan die eerste een verskyn: "Nicolaas Beets en Fagan", en die gedig (met die resep daarby, soos ons dit vandag ken) wil dus die spot dryf met hierdie twee skrywers. Bo-aan die tweede vierreëlige gedig staan: "Guido Gezelle, Leipoldt, en 'n Paar Andere". Ook hier bevat die manuskrip die resep tussen hakies, soos ons dit vandag ken.

Onderaan staan: "Mei 1919, Pretoria." Nou is dit baie seker dat die manuskrip nié in Mei 1919 gemaak is nie. Daarvoor is die spelling — om maar een saak te noem — te modern. In 1919 het Van den Heever nog ij i.p.v. y geskryf. Die brief wat die manuskrip vergesel, is gerig aan ene Jasper, vermoedelik Jasper Grobler, wat 'n vriend van Van den Heever was. Bo-aan staan gedruk "Judges' Chambers, Supreme Court, Bloemfontein", en die datum word soos volg aangegee: 16.5.44.

Dit is dus redelik om aan te neem dat Van den Heever in 1944 die afskrif van die drie gedigte van die reëks gemaak het om aan 'n belangstellende vriend voor te lê. Die brief begin dan ook soos volg: "Bygaande stuur ek jou 'n afskrif van die gedig waaroor ons gepraat het." Die datum Mei 1919 wil dus, lyk dit my, sê dat die gedigte in Mei 1919 in Pretoria ontstaan het.

En die gedigte hét in Mei 1919 die lig gesien, in elk geval die drie wat in die manuskrip gegee word, en wel in die tweetalige tydskrif, die *Independent* wat naas 'n proefuitgawe slegs een uitgawe beleef het

— in Mei 1919. Op bl. 12 van die tydskrif verskyn nl. die titel “Hoe hulle in Afrikaans sou geskryf het”; daaronder as “I” die gedig “Als of daar skurwe koppies wijd die veld besproet”, kompleet met die naam Da Costa en al. Op bl. 24 verskyn die oorkoepelende titel weer en daar- onder, as “II”, die twee kwatryne eweneens kompleet met skrywersname en resepte soos in die manuskrip. Afgesien van die spelling (ij x y en reserp x resep), kleiner moderniserings (als x soos) enkele geringe pre- siserings (“sit stil” word bv. “bly sit”) en interpunksiewysigings is die manuskrip ’n getroue weergawe van die teks soos dit in die *Independent* afgedruk staan.

Maar nou die eenaardige: dat hierdie drie gedigte wat reeds in Mei 1919 in druk verskyn het, nie in die bundel *Gedigte* van daardie jaar opgeneem is nie. Eers in 1931 word hulle in *Eugene en ander gedigte* gepubliseer onder die titel “Hoe hulle Afrikaans sou geskryf het”. In *Gedigte* verskyn slegs “Wie in glashuise woon”, ’n gedig wat duidelik aansluit by die twee vierreëlige gedigte en in 1931 deel IV van die reeks geword het.

Waarom het die drie gedigte van die *Independent* nie die bundel in 1919 gehaal nie? Estetiese oorwegings kon hier nie geld nie. Die feit dat die digter hulle in 1944 onder die datum Mei 1919 aan ’n vriend stuur (en nie bv. ’n eksemplaar van *Eugene en ander gedigte* nie), toon dat hy iets wou bewys, iets wat verband hou met daardie datum.

Miskien moet die oorsaak van die weglating van die gedigte uit die bundel van 1919 in hulle uitgesproke polemiese aard gesoek word. In dié verband is dit van belang om vir ’n oomblik by die *Independent* stil te staan. Dié blad moes klaarblyklik die orgaan word van ’n jonger, vu- riger geslag, ’n groep wat by monde van ’n redaksionele stuk toon dat hulle bewus was van die teenstelling “jongspan” en “ou garde”, ’n ge- slag wat sy tweetalige blad die wêreld instuur as “A new effort in the Unpretentious”. In die inhoudsopgawe verskyn, naas die naam Eugène N. Marais, ’n hele aantal nuwe name. Ook bevat die blad ’n aantal mooi tekeninge van Pierneef, Mayer en Wenning. Kortom, dis ’n blad wat ’n nuwe bewustheid verteenwoordig, hoe aarselend dan ook. Polemiese ge- digte wat teen lede van ’n ouer geslag gerig was, sou hier dus op hulle plek wees. Maar die vraag is of sulke gedigte in 1919 gangbare materiaal sou wees vir ’n eerstelingbundel. Vermoedelik het Van den Heever en/of sy uitgewer nie so gedink nie.

Die spot met die werk van bv. Leipoldt en Fagan klink vandag betreklik goedig. Maar was dit so onskuldig? In 1944 skryf Van den Heever in die reeds genoemde begeleidende brief: “Ek is hedendaags heelwat makker en sou nie so venynig wees nie teenoor Leipoldt en Fagan.” Die digter het sy parodieë dus as “venynig” aangevoel.

“Wie in glashuise woon” (wat in *Gedigte*, 1919 opgeneem is) was wel deursigtig genoeg. E. C. Pienaar het bv. hierin (vgl. sy *Taal en poësie...*) duidelike verwysings na Leipoldt se “Sekretarisvoël”, Fagan se “Knysna-Strand” en Totius se “Dis heuwels, heuwels, heuwels net” gesien. Maar “Wie in glashuise woon” het niemand op die naam genoem nie en ook geen “kwetsende” resepte aangebied nie.

In 1931 word die gedigte egter wél opgeneem, en “Wie in glashuise woon” word deel IV van die reeks. Twaalf jaar het verloop sedert 1919, en tye het verander.

En tog het die reeks hier ook veelseggende wysigings ondergaan, wysigings wat verder reik as ’n redaksionele hersiening. Die aanduiding “Guido Gezelle, Leipoldt, en ’n paar ander” het behoue gebly; “Da Costa” het geword: “Die Meeste Hollander-Musesone” en “Nicolaas Beets en Fagan” is vervang met: “Die Denkende Stommes”. Kan dit wees dat Van den Heever ’n mede-juris nie in sy digbundel te na wou kom nie? Die uitdagende, “venynige” vyf-en-twintigjarige van die *Independent* het inderdaad “heelwat makker” geword. Dit blyk bv. ook duidelik uit die opvallende wysigings wat die slotstrophe van die Da Costagedig in 1931 ondergaan het. In 1931 het die duiwelsberaad so geëindig:

Die wind huil soos verlore siele oor die veld
Koud soos die Hel! En langs die holle stomp
Gil langgerek ’n skrilke weeklaag...
Die bose geeste pleeg vannag geweld!

In die manuskrip lui dit:

Die wind huil soos verlore siele oor die veld
En Hel, dis koud! Daar langs die holle stomp
Gil langgerek en skril ’n weeklaag — God verdomd,
Die bose geeste pleeg vannag geweld!

How Skulle In Afrikansu San Geeknyf Het.

Da Costa.

I

As of daar skouwe kopies wys die wêld bespraak,
Le swart, gewelddoelende beinde en ver:
Dis buispe in saad met al sy hel's gebroed,
Die skand stig self tot by die moester!

Daar dander Satan's skem en al die magte leef:
• Die mens moet sneef! Hoe sal ons hem verdelg?
Moet ons die hel leef en by in luister leef?
Vardocmenis sal ons die hel al verdelg!"

Die een wou fero verspoei, die ander oorlog: stark,
Of hael en blikkens oor die aarde strooi,
• In ander doake skep, wêl woorde, nieblaes en roete,
Of skand verspoei soos waa hul wêlde looi.

• Dog buispe by sêl wêl woorde of stark gefoes,
Boys "gimming van die hand as wêl te primitief;
Maar dander' affleus ontwaaf die babiljons.
Tos hierdie saad, uitbeem om Looi en wêl te gief:

• Dit is die wêl tot graf: 'n wêl saag van wêl
En skoon van aensien, heisterlyk haer oog,
Hoe elke skugter daad aanblikend, jêb, haer hees,
Nostrophiles in frouk as die hemelboog!"

Die wind hêl soos wêlwee sêl oor die wêld
En stel, die hand: Daar langs die helle skouf
• Die hangarick en skêl 'n wêl laag - Looi wêlwee,
Die hoes gaste pleeg wain' ag gewêld!"

Nicolaas Beel's en Fagan.

My ziel is so groot soos die oseaan,
Die grootste gedagtes die spook daarin en,
Te groot vir woorde; my tale is stam,
Want waar heel in spraak sulke woorde vandam?

(Recep: Maak soos die kinders wat mekaar
plus: "By, ek weet, maar ek sal nie
sê nie!")

Guido Loyelle, Japodet, en 'n Paar Ander.

Bosmelkig, bummelkig met jou net bandelies,
Neh jou wieske wat blies in die sonlig en gous;
En jou swaartpale regule met die blomme se dors,
Wat bekken jou oinge en wat maak jy hier?

(Recep: Kies een of ander redelose dier en
voa hom in stiksonag wat
jy seef nie kan haatwoord nie.)

Mei 1919
Pretoria

ANNEKIE SE ROL IN BART NEL

In die lig van die algemene verwaarlosing of onfunksionele aanwending van die kinderkaraktars in die vroeër Afrikaanse prosawerke, kom Van Melle se Annekie as 'n verrassing. Hierdie figuurtjie word volkome geïntegreer in 'n roman wat so vroeg soos 1936 reeds in sy eerste half-Hollandse gedaante verskyn het, hoewel die Afrikaanse verwerking eers in 1942 gepubliseer is. Maar dan moet 'n mens natuurlik die feit in gedagte hou dat BART NEL as sodanig sy tyd vooruit is sodat dit vandag nog deur die meeste kritici beskou word as "'n sterk roman"¹, behorende "tot die allerbeste wat ons prosa besit"².

Reeds in DAWID BOOYSEN, wat saam met BART NEL en 'n aantal van sy kortverhale tot die beste werk behoort wat dié skrywer gelewer het, maak Van Melle gebruik van 'n kinder karakter wat, hoewel vaag geteken, tog betekenisvol word. Dit gaan in hierdie verhaal om die volledige lewensbeeld van die hoofkarakter — 'n horisontale deursnit dus — sodat die kind Katrientjie wel 'n belangrike rol speel maar tog spoedig vervang word deur die groot Katrina. Deur dié dogtertjiekarakter gee die skrywer reeds blyke van sy vermoë om 'n kind sinvol en noodwendig by sy stofaanbieding in te skakel.

BART NEL oortref bogenoemde werk as roman; daarby gaan dit hier eerder om 'n 'vertikale' aanbieding: die beligting van 'n karakter uit verskillende hoeke, teen verskillende agtergronde, deur die loop van slegs enkele jare. Hier kan 'n kind dus kind bly en funksioneel sterker tot haar reg kom: wat dan ook gebeur. Tog is dit ook duidelik dat Annekie nooit ter wille van haarself in die roman optree nie, want dit gaan nie om haar nie maar om Bart. Elke sobere toneeltjie, elke verskuiwing van perspektief met gepaardgaande oormekaarskuiwing van tyd is op berekende wyse daarop ingestel om *Bart* te belig; so ook is Annekie se optrede steeds ten nouste met hom gemeid. In die kragtige, byna meedoënlose tekening en blootlegging van die hoofkarakter speel die dogtertjie trouens 'n onmisbare rol. 'n Mens leer haar ken as negejarige; aan die slot vier sy haar dertiende verjaardag.

Reeds haar eerste optrede op p.9³ is veelseggend, al lyk dit op die oog af na 'n blote, ligte onderbreking van die volwassenes se ernstige gesprek oor Botha se optrede en die gevolglike onrus. Annekie kom in met 'n broeisel kuikens, wys dit vir haar pa en vra versekering dat hulle hare is, aangesien die hen aan haar behoort. Dan stuur Fransina haar weer uit. Die tipiese ingetoë voorstellingswyse en onderbektoneering van dinge val hier op, net soos in die werk as geheel. Van Melle wy 'n sin aan die beskrywing van Annekie se uiterlike: sy is 'n meisie "met donker oë en lang bruin hare". Dis van belang omdat dit aan Bart se eie uiterlike herinner: hy het 'n "donker kop" en "donker oë" (p.7). Later word hierdie uiterlike ooreenkoms een van die redes waarom Fransina die kind nie meer graag sien nie: "Anniekie laat haar altyd aan Bart dink, haar donker oë, haar donker hare, haar bruinerige vel" (p. 162). Daarteenoor is Ferdinand se dogtertjie vir haar mooi: "so wit, met sulke

gesonde rooi wangetjies en sulke pragtige blou oë" (p. 163). Belangrik is dit verder dat Bart, hoewel hy aanvanklik "verstrooid" is, gou al sy aandag aan Annekie en haar kuikens gee en vriendelike kommentaar lewer: dit dui op sy gehegtheid aan haar. Dat sy juis aan hóm kom vra of die kuikens nou hare is, en waarom hulle dan wit is terwyl die hen tog swart is, suggereer ook liefde en vertrouwe van háár kant. Op haar laaste vraag antwoord Bart bloot: "Dis maar oor die haan wit is", waarna Annekie se onvermoë om te begryp slegs aangedui word met: "Anniekie swyg en vra nie verder nie". Dit word die eerste van baie swyes wat, soos by die ander karakters, ook by Annekie uiters effektief aangewend word om te wys op innerlike onsekerheid, stryd of die belewing van verskillende emosies. Meer as deur enigiets anders word deur dié swyes, van Annekie alleen en dikwels ook van haar en Bart gesamentlik ("So sit hulle teen mekaar, swyend", p. 155), 'n groter diepte van belewing gesuggereer. Dit dui ook op beheersing, 'n na-binne-leef, 'n gebrek aan kommunikasie na buite wat juis die wesenstrategie word waarop die hele roman gebou is.

Anniekie word meestal deur die alomteenwoordige verteller belig, maar soms ook d.m.v. gedagtes of gesprekke van die ander karakters. Daar word ook waarnemings vanuit haar eie perspektief gegee, maar dit gebeur selde — en ook dan is daar geen indringing in haar wese of 'n genuanseerde uitdieping van haar karakter nie. Sy bly 'plat', soos dit ook hoort in 'n roman waar dit in hoofsaak handel om 'n "volgehoue afstropingsproses" by die hoofkarakter. Benewens swye, word veral handeling en dialoog gebruik om Annekie te teken — lg. is dan nie soseer karakteropenbarend nie as wat dit die verhouding tussen haar en Bart oopdek en Bart self ook vanuit haar gesigspunt belig.

Reeds by die eerste optrede maak Annekie die indruk van 'n opgeruimde plaaskind: "haar gesiggie straal" as sy binnekom. Dis gemotiveerd dat dié eienskap Bart sal aantrek terwyl hy self dikwels "stug en nors" (p. 7) is. In die meeste ander opsigte is sy egter juis ook wat geaardheid betref sý kind: op hierdie wyse word sy in die klein wat hy lewensgroot is, word haar dasein 'n beklemtoning van sý karakter. Sy weerloosheid, veral vergestalt in proporsionele nietigheid teen die omringende eensaamheid of grootheid van die natuur wat hom bv. "'n klein donker stip" (p. 37) maak, vind 'n mens terug in haar uiterste gevoeligheid en wondbaarheid m.b.t. veral die verhouding tussen haar ouers. Die onversetlikheid en koppigheid wat hom as rebel kenmerk, word geresoneer in Annekie se houding as sy teenoor haar ma opmerk: "Ek is 'n rebel, nè, Mammie?" (p. 80). Sy wil weet wat die meester is en as haar ma meen hy is "seker niks" en dat dit vir hom beter is om liewer stil te bly, toon sy duidelike minagting: "'Ek sal nooit stibly nie,' sê Annekie trots" (p. 81). Dat sy ook 'n klipharde pit het, blyk uit haar gevoel teenoor 'n maatjie se Bothaïet-pa: "Ek wens Pappie skiet hom dood" (p. 80). Na Bart se terugkeer uit die tronk voer hulle 'n gesprek oor Fransina wat intussen met Ferdinand getroud is, en Annekie vra: "Hoekom skiet Pappie hom nie dood nie?" (p. 158). Ook hierdie vurigheid herinner Fransina later te veel aan Bart; dit word gesuggereer wanneer sy Ferdinand se dogtertjie na die uiterlike met Annekie vergelyk en dan verder waarderend dink dat eersgenoemde "'n sagte, liewe, gehoorsame kind" is (p. 163).

Deur Annemie word die bars in Bart en Fransina se verhouding beklemtoon juis omdat sy so bewus is daarvan. Aanvanklik probeer sy 'n versoening bewerkstellig deur hulle om die beurt te liefkoos, maar sy voel aan dat daar 'n hardheid tussen hulle gekom het "wat sy nie kon vermurwe nie" (p. 30). Later maak Fransina se volgehoue bitterheid haar diep seer; sy praat aanvanklik nie daarvoor nie maar toon haar hartseer deur haar ma te omhels, asof sy haar só tot inkeer wil bring. Fransina weet ook: "sy is te slim; sy het dit tog goed genoeg gesien; mens kan haar nie bedrieg nie" (p. 76). Later wil sy ook op haar ma se gevoel speel: "Sê nou hulle skiet Pappie dood, sal Mammie dan baie huil?", en as selfs dit geen reaksie by Fransina uitlok nie, kom sy vurig vir hom op: "Pappie kan mos nie help nie, Mammie. Pappie moet mos gaan. Pappie is mos 'n rebel, dan moet hy mos gaan rebelleer?" (p. 82). Ook deur kontraswerking word die slegte verhouding tussen Bart en Fransina onderstreep. As Bart weggaan, neem hy hartstogtelik van Annemie afskeid: "Hy druk die klein lyfie so styf teen hom aan dat sy na haar asem hyg . . . Hy soen haar nog 'n maal". Daarteenoor sit hy bloot sy hande op Fransina se skouers, en sy "laat hom wel toe dat hy haar soen, maar soen hom nie terug nie" (p. 36).

Die verhouding tussen Annemie en haar ma is nie op sigself belangrik nie maar werp 'n besondere lig op Bart nadat hy vertrek het. Dis sý wat gedurig oor haar pa praat en sy handelswyse goedkeur, wat haar ma se bitterheid probeer afbrek, wat verward en seergemaak reageer as Fransina, as waardige teenparty van Bart, onversetlik bly. As sy agterkom dat Fransina gehuil het ná 'n brief waarin Bart onverskillig sê dat sy "met plesier" (p. 125) kan skei, is Annemie diep ontsteld. Hoewel sy "niks verder" vra nie, merk Fransina later dat die kind ook gehuil het. Besonder treffend word beskryf hoe Annemie by haar gewone aandgebedjie 'n sinnetjie voeg: "En dat Pappie weer gou by die huis mag wees" (p. 127). Fransina gaan uit om haar ontroering weg te steek en ook dit begryp die dogtertjie, want as haar ma later terugkom "vra sy niks nie" (p. 127). Na haar hertroue bly Annemie by Bart se suster Martha; Fransina besoek haar min want, behalwe dat sy na Bart lyk en aard, praat sy ook "telkens . . . weer oor haar pa" (p. 162) en dis vir haar en Ferdinand pynlik. 'n Verdere motivering vir die feit dat Fransina haar kind mettertyd heeltemal in die steek laat, kan moontlik daarin gevind word dat sy nog haar seuntjie by haar gehou het en dat dié as jongste haar nader aan die hart was. Sy voed hom bv. baie lank self, want "hy is miskien (haar) laaste" (p. 4). Die seuntjie as sodanig bly 'n onbelangrike en onfunksionele skaduweefiguurtjie in die roman: meestal word bloot na hom verwys wanneer hy slaap of pas wakker geword het.

Hoewel Annemie as kind van albei haar ouers se geneentheid afhanklik is, gee sy voorkeur aan Bart, soos vroeg in die boek reeds blyk. As hy weg is, bly sy lojaal teenoor hom, praat van en verlang na hom. Bewus kies sy hóm dan ook as hy na sy terugkeer vra of sy nog na haar ma verlang: "Ja, Pappie, maar ek bly liever by Pappie" (p. 159). Dis vir haar lekker om huisvrou te speel, sy sokkies te stop en vir hom kos te maak; sy wil ook nie van hom af weggaan voor hy nie daarop aandrang nie, want "ek sal te veel na Pappie verlang" (p. 197). Sy kan sy stemmings fyn aanvoel, saam praat en ook saam stilbly.

Soms meet sy haar wil teen syne, bv. as sy hom probeer oorhaal om op haar verjaardag die middag tuis te bly, maar hy laat hom nie ompraat nie — waardeur sy hoofkenmerk, die onbuigsame wil om aan homself getrou te bly, nog eens beklemtoon word.

Maar dis veral van Bart se kant dat hierdie verhouding van die uiterste belang in die roman is. In die begin blyk sy gehegtheid aan haar deur sy optrede; later word dit ook onomwonde deur die verteller gekonstateer: "sy was sy liefling en hy het van haar meer gehou as van die seuntjie" (p. 36). Na sy afskeid van die plaas begin die "vervreemding, vereensming en lyding".⁵ Hy verloor al meer aan goed en bloed, maar glo nog: "Ek kan alleen wees. Alleen sal ek my pad deur die beroerde wêreld loop" (p. 149). Tóg is hy diep aangedaan as hy Annekie eindelijk weer sien na sy vrylating: sy jaag hom tegemoet en "binne enkele oomblikke vergeet hy alles" (p. 153). Later, as hulle swyend bymekaar sit, dink hy: "My Annekie . . . Jou het ek darem nog" (p. 155). Sy enkelheid is dus nog nie absoluut nie. Op hierdie stadium kan hy hom nog aan 'n ander mens troos, net soos Fransina wat in haar onbevredigende tweede huwelik Bart se woorde teenoor Ferdinand resoneer: "Jou het ek darem" (p. 184). In die tyd hierna, as Bart en Annekie saam op 'n huurplaas bly, groei sy uit tot sy ganse besit: sy neem dus in sekere sin die plek óók van die dinge wat hy verloor het en word daarom vir hom veel kosbaarder as ooit tevore. Dis 'n tyd van kwasigeluk, van bedrieglike vreugde en vrede wat Bart teenoor sy buurman laat bely: "Sy is soos 'n maat vir my. Ons kan ure lank oor alles sit en gesels, want sy is so slim soos 'n grootmens. Sy laat my by rukke al my swarigheid vergeet" (p. 194).

Waar Fransina egter gelaat word met haar bietjie geluk en haar ervaring van 'n draaglike "wee weemoed" (p. 185), word van Bart nog meer geëis: hy moet ook Annekie prysgee en in "wee eensaanheid" (p. 200) agterbly. Dis opvallend dat die woordkarige Van Melle Annekie se verjaardag in skynbaar onbenullige detail gaan weergee: hoe sy vir haar pa wag, wat hulle eet, wat hulle praat, die geskenk wat sy ontvang. Maar juis daardeur tref die toneeltjie wat volg, wanneer Bart se suster hom oorhaal om Annekie by hulle op die dorp te laat woon, soveel meer. Nóú kontrasteer die soberheid en somberheid van segging des te skerper met die voorgaande uitgesponne en lighartige toneel. Dit dui op sy liefde vir die kind dat hy haar uiteindelik tóg laat gaan: "ek wil graag die beste vir jou hê" (p. 198). As Martha sê: "Ons het nou alles, dink ek" (p. 198), word die woorde 'n verdere resonering van die vroeëre "jou het ek darem nog"; nou het hy niks oor nie. Die afstroping is voltooi. Nadat Bart byna alles verloor het, kon Annekie opnuut vir hom genoeg word, in sekere sin dus wéér 'alles': nou dat hy haar uit eie keuse afstaan, is sy verlies egter volkome en word hy 'n Jobsfiguur. Maar nou is dit ook moontlik vir hom om tot "'n grootse besef van sy onverganklike besit, sy 'eintlikheid'"⁶ te kom: "Ek is Bart Nel van toe af, en ek is nog hy" (p. 199). Hy sien homself in dié finale, versoenende oomblik van waarheid alleen verder loop, "maar algaande na die ver ruim lig; en sy siel in hom" (p. 200). Grové meen dat hy "'n sterker moment as hierdie . . . nie in ons prosa (ken) nie".⁷

Sonder Annekie sou hierdie moment nie moontlik gewees het nie.

- 1) Dekker, G. AFRIKAANSE LITERATUURGESKIEDENIS (12e druk) p. 320. Kaapstad, Nasou, 1972.
- 2) Grové, A. P. **Van Melle se romankarakters** in OORDEEL EN VOORORDEEL, p. 33. Kaapstad, Nasou, 1963.
- 3) Alle bladsynommers verwys na: Van Melle, J. **BART NEL** (10e druk). Pretoria, Van Schaik, 1969.
- 4) Lindenberg, E. **Van Melle se rebel** in ONSYDIGE TOETS, p. 113. Kaapstad, Academica, 1965.
- 5) Van der Walt, P. D. **Die wye eensaamheid in BART NEL** in MENÉ TEKÉL, p. 62. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1969.
- 6) Botha, Elize. Artikel oor Van Melle in PERSPEKTIEF EN PROFIEL van P. J. Nienaber (3e uitgawe), p. 401. Johannesburg, Afr. Pers, 1969.
- 7) Grové, A. P. Op. cit., p. 37.

ELZA KOLLER

EENDAG

Eendag gaan ek per lugpos
by airmail
par avion weg

daar sal ex unitate vires
uit wees
mooi-gesig opsit en tierlantyn

ver daaronder
op die grond.

PRETORIA

Die paddas orkes saans
by Morelettaspruit
tussen leë blikkies bier.
Op Kerkplein
mannekyn
die duiwe voor oom Paul rond.
Kry 'n skoolkind die gier
val 'n vertrapte veer
in die "Hou Pretoria Skoon"
want só het Juffrou hom geleer.
Laatmiddag tier
die weerlig oor die stad
maar kry nie sy gryp
aan die stuk graniet
of die geteerde pad.
Die wind hoes
verby die uitlaatpype
en hyg langs die Poynton op.
Snags huil
die sterre agter die straatligte
en seek
die maan na 'n boom se tak.

KIND VAN DIE STAD

Die naglug haal swaar
asem in die neonverligte straat.
Ek sluimer.
My kop rus op my gesteriliseerde kussing.
My droom huiwer.

Ek droom: wolke jaag
voëls versnel
bome rem
golwe skreeu
berge bots

en ek skrik wakker
met die versplinterende besef
dat die stadsnelweë
deur my are loop.

WINDPOMP

(Luk. 22:20)

'n vlammeende kopersirkel
wat wydsbeen staan
teen die vroeë-môreson
wat wag oor sonneblom
en mielie:
rondom die Meester
het dorstige dissipels
ook só
druppels van fyn bloed
kon drink.

HERFS

saam met die klere van somer
het ek my Josefskleed verloor —
die wind het dit gevat
en óm 'n plataan getoor.

DING

o Nuwe Son
grýp die marmersklip
waar was jy gister
toe ek geboorte gee?

ANGS

Kriewelrige vingers
(vet gevoellose worsies)
klop oor my borskas
en kruip koud maagtoe
trek op 'n knop
klou vas
en droog derm-en-al op
tot net suurrosyne
en pekel bly.

KENMERKE VAN DIE AFRIKANER IN DIE SPIEËL VAN SY LITERATUUR*

Geagte dames en here,

Die Franse sê: "qui s'excuse s'accuse". Dit mag in menige gevalle korrek wees, maar ek glo nie in myne nie. Want ek **moet** u om ver-skoning vra — nie net vanweë my gebrekkige uitspraak en grammatika nie — ek het tot dusver nog nooit Afrikaans gepraat nie, laat staan 'n Afrikaanse lesing gehou — maar ook omdat ek oor skrywers en boeke sal praat wat u seker beter ken as ek. En tog, meen ek, moet ek my daaromtrent nie aankla nie. Waarom nie? Ten eerste sou dit nie reg wees teenoor die Departement van Nasionale Opvoeding wat my na Suid-Afrika uitgenooi het nie, om hierdie land en sy volkere beter te leer ken, asook, om 'n paar lesings te gee. As ek die eerste deel van die uitnodiging graag sou wou aanneem, sou dit verkeerd wees om nie ook die tweede te aanvaar nie. En 'n ander rede waarom ek nie moet skuldig pleit, om hier te staan en praat nie, is trouens die volgende: U sal wel die sake en boeke waaroor ek gaan praat beter ken as ek, maar u weet daarom nog nie wat hulle vir my beteken of waarom ek van hulle hou nie. En miskien sal dit heeltemaal vervelend vir u wees om te luister na watter indrukke die Afrikaanse literatuur op 'n buitelander maak wat nie in Suid-Afrika leef nie en nogtans in die Afrikaanse letterkunde belangstel.

Laat ek u eerstens vertel hoe ek met die Afrikaanse letterkunde in kontak gekom het, en later sal ek "probeer om te try" — soos Uys Krige sou sê — om aan u 'n paar sake voor te hou: 'n paar kenmerke, 'n paar motiewe, 'n paar aanduidings, wat vir my buitelander-oë en ore tipies lyk, tipies van die Afrikaanse literatuur, maar miskien ook van die Afrikaner self.

Uys Krige (wie se naam ek so pas genoem het) was die eerste Afrikaanse digter wat my belangstelling in Afrikaans aan die gang gesit het. Op my eerste besoek aan Stellenbosch — dit was sowat 22 jaar gelede — het prof. Malherbe vir my 'n boek met die opskrif **Afrikaanse humorverhale** in die hand gedruk. Daaruit het ek, nadat ek weer huis toe gekom het, Uys Krige se verhaal **Die doodkis** gekies en vir die Switserse tydskrif **Atlantis** in Duits vertaal. Waarom net **Die doodkis**? Ek het in hierdie storie iets ontdek wat vir my heeltemaal nuut was: "ex Africa semper novum" (Aei Libye pherei ti kainòn), soos die ou Aristoteles reeds geweet het — iets besonders, 'n springlewendigheid en pittigheid wat daarby iets met die land en volk van die Springbokke te doen moes hê; 'n grappigheid ook, wat 'n uitdrukking mag wees van groot kontraste. Ek sien nou voor my die oupa-grootjie wat

* Dr. Sulzer was onlangs vir 'n tweede keer op besoek in Suid-Afrika op uitnodiging van die Departement van Nasionale Opvoeding. Hy stel baie belang in Afrikaans, wat hy vir homself geleer het, asook die Afrikaanse literatuur. Verder is hy skrywer van die boek: **Schwarz und Braun in der Afrikaansliteratur**. Hierdie lesing, gehou aan die Universiteit van Pretoria, plaas ons onveranderd.

in sy doodkis op die solder sy middagslapie hou en wie se gedagtes ver gaan dwaal en **rondswerwe** terwyl hy op sy ruggraat lê en die rookwolkies van sy pyp in die lug blaas.

In dié beeld het ons reeds 'n ganse reeks van motiewe wat ek keer op keer in my rondlopery deur Afrikaanse boeke teengekom het. Ek sal netnou daarop terugkom. Maar laat ek verder verklaar hoe my belangstelling gegroei het. In die jare voor 1960 het ek al hoe sterker besef hoe Suid-Afrika deur ideologiese en politiese redes in 'n defensiewe posisie gedryf sal word. Met gevolge waarvan dit vir die buitewêreld al hoe moeiliker sou word om die realiteit, die ware wese en aard van Suid-Afrika se volkere, insonderheid van die Afrikaners, te herken. (Hoe dikwels het ek tog — as ek oor Suid-Afrika uitgevra is — die opvatting teëgekomp, dat in dié land slegs Engels en Bantoetale gepraat word; klaarblyklik was nie eens die bestaan van 'n Afrikaanse letterkunde bekend nie. Seker het die onwetendheid oor Afrikaans en sy literatuur in die laaste tyd minder geword, maar dis nou eers regtig belangrik om tot 'n beter kennis van die Afrikaners, van hulle aard en probleme by te dra.) Ek het die letterkunde van 'n volk nog altyd as een middel bekyk, waarmee ons die probleme en verhoudinge van sy mense beter sal leer ken. Ek glo, 'n literêre werk is nie net 'n kunswerk nie, maar ook, ten eerste, 'n spieël van die outeur en ten tweede 'n spieël van die realiteit waaruit hy en **wat** hy skilder. En omdat 'n kunstenaar die realiteit soms met skerper oë sien as 'n gewone mens, hou ek van literatuur as 'n spieël van die psigologiese, sosiologiese en geografiese omstandighede waarin hy leef. Wat ek in die spieël sien, hang natuurlik van my af, is my persoonlike indrukke. Maar ook die outeur se persoonlikheid en die objektiewe realiteit wat hy skilder, het daarin aandeel.

Laat my nou sê watter realiteit 'n indruk op my gemaak het, wat ek in die spieël van die Afrikaanse letterkunde kan herken. Ek kyk weer terug op die oupa-grootjie in sy doodkis en hoe hy sy gedagtes in die wêreld laat rondweef. As ons van “swerwe” praat, onthou ek meteens nog andere figure en werke van Uys Krige. Ek herinner u aan die blinde sanger en kitaarspeler Luis, die filosofiese swerwer, wat in die **Goue kring** sy rus in die stille eensame Soledad sal vind; ek herinner ook aan Pablo, wat deur “die ewige gebesemstokkery” van sy vrou, Violetta, gehinder word om “sommer baie diep en baie ver te dink”, as hy in die prieël op sy rug lê. En daartoe behoort ook die persoon van die outeur self, wat “vêr in die wêreld” dwarsdeur Spanje en Frankryk geswerf en as krygsgevangene in Italië die “Way-out” gevind het. Ook in baie van sy gedigte het Krige sy swerwersdrang tot uiting gebring — soos in die gedig **Die swerwers**, geskryf tussen 1933 en 35 toe hy in die Middellandse See-kontrei gedwaal het; Krige het die swerwersdrang van 'n “hart sonder hawe” leer ken, van die rustelose wat altyd tevergeefs na 'n rusplek moet soek. (Net soos matrose in **Gedigte**, p. 33: “Net soos matrose, stuurloos-dobberend op die see./wat slinger vaar langs wentelende waterweë./verskrik deur stormgeweld, gaan ons ons lewe deur./Maar waar's ons kaai, teen welk wit hawestad geleë?” Geen wonder dat die rustelose swerwer hom nou op Onrust gaan vestig het).

As ons die swerwergees aan die hand van Krige se werke analiseer, kan ons die skakelinge van hierdie begrip wel van mekaar onder-

skei. Materieel of lokaal gesien is dit 'n rondloop van plek tot plek, meestal sonder 'n besliste doel; en geestelik gesproke is swerwe 'n rond-dwaal terug na herinneringe of, voorwaarts na onbekende doeleindes, na ideale en verre planne. In elke geval mag dit positief en negatief uitgelê word: positief as 'n soektog na vryheid, na nuwe, beter plekke en lewenswyses, negatief as 'n middel om weg te raak van 'n bedruk-kende werklikheid. Kringe het in sy gedig van die "swerwers" die een en die ander betekenis saamgespan in dié — vir Suid-Afrika so tipiese — beeld van die trekkers: "Hul wat in geestesvlug alleen oor censaam-hede gaan; soos 'Voortrekkers deur wildernisse ruig 'n oop pad baan, wyd hul gedagte en vorsende begrippe slaan; die mensdom nuwe waar-des skenk, met lig behep, soos met sy voet se sool die Boer s'n oop pad skep!" Swerwe en dwaal reik dus in hul oordragtelike betekenis terug tot die trekkers, tot daardie soektog wat die Afrikaners in die verlede tot 'n nasie gevorm het. Dis daarom geen toeval dat die swerf-en-dwaal-motief 'n wye uitwerking op die Afrikaanse letterkunde gehad het en nog altyd het nie. Dit begin reeds met Louis Leipoldt se swerf-togte deur verre lande asook — "rond en bont deur die lewe", soos prof. Antonissen sê. En dan weet ons van Jochem van Bruggen se "na-tuurkind", van sy pogings om van die perke van die vaderlike gesag weg te kruip, van sy ontvlugting na die dorp en na die myne. 'n Soort-gelyke "hardloop na die lig van vrye lewe" (*Ampie*, p. 19) ontmoet ons in figure van C. M. van den Heever, soos Hanns in die roman *Somer* of die skaapwagter Daiel in *Kringloop van die winde*, al lyk dit asof die sug na vryheid hier met swaarmoedigheid en 'n romantiese natuur-liefde gekoppel is.

Sedert dertig het die trekkersdrang 'n draai na binne geneem. Die swerftog verander tot die dagdromery van die "ryke dwaas" (W. E. G. Louw), en tot die tere drange en drifte van die hart (Elisabeth Ey-bers). Met die jong Sarel J. Pretorius het 'n ander dwalende gees 'n baai vir die boot van sy hart gesoek. Maar ook die materiële, die lokale trekkersdrang vind ons nog. Ek herinner u byvoorbeeld aan P. J. Schoeman se ontvlugting uit en opstand teen die "teerstraatkultuur", aan sy swerwersdrome in die wildernis. En met die sestigers is weer alle skakelings van swerwers op dek; die ontvlugting uit die burgerlike perke van Ingrid Jonker, die "weg dros uit gawe buurte", die "vertrek in die onbetroubaarheid" van Peter Blum, die "way-out" tot argetipiese mitologie en die rasende motorryery deur 'n einde -en vormlose land-skap van Etienne Leroux. Ek dink nou, as ek dit sê, aan die essay wat in "Writers territory", 1973, gepubliseer is. Met trek en ontvlugting staan 'n verdere motief in verband wat vir my belangrik lyk. Ek praat van **verset**.

Ons ken die Afrikaanse verset uit die geskiedenis van 1705 af oor Slagtersnek tot die Rebelle van 1914; dis deurentyd 'n verset teen 'n druk van buite: die gesag van die Oos-Indiese Kompanie of van Brittanje — "hier verset ek my teen my meederes" sê Langenhoven, as hy in *Stille waters* met die hulp van Martin Luther teen die Britse onderdrukkers veg. Maar die literatuur wys daarop, dat die ver-set ook na binne gerig kan wees; teen binnelandse gesag soos die polisie en administrasie, teen die wet, teen elke soort van orde wat nie deur die eie ek opgerig is nie.

“Hulle kan maar kom, hulle kan my maar in die tronk gooi en hulle kan maar my grond vat; hulle kan my maar doodskiet ook, maar my sal hulle nie kry nie: Ek is Bart Nel van toe af en ek is nog hy”, lees ons op die laaste bladsy van Jan van Melle se **Bart Nel**.

Soortgelyke rebellie vind ons in boeke van Emanuel de Roubaix, Léon Maré, Uys Krige, W. A. de Klerk ensovoorts. Dis maar nog altyd die opstand van Ampie, sy verset teen “alles op die wêreld wat hom vyand is”, en “hy sal die wêreld uittrek na die bosveld toe, diep in die digte bosse”. Verder gaan die verset teen die geestelike orde, teen ’n patriargale, Ou-Testamentiese beeld van God, maar ook teen eiegeregtheid, puriteinse nougesetheid en kleinsieligheid. Hierdie geestelik-morele opstand het reeds met Toon van den Heever na die Eerste Wêreldoorlog begin, en in Van Melle se figuur Dawid Booyen en Pretorius se “Arbeider”-gedigte ’n toppunt bereik om onlangs in Krige se toneelstuk **Twee lampe** ’n herlewing te ondervind. Dié verset (teen God) het maar nooit al te ver gevorder nie; dit breek meestal gou inmekaar soos die tydelike opstand teen God wat Dawid Booyen en Mikro se Toiings deurleef. Ons kan egter nie van “verset” praat sonder om op die verset van die sestigers te wys nie. Dis die verset van Colét en van die Mugu, ’n verset teen die “establishment”, teen “ontwikkeling, beskawing, die openbare welsyn, teen rede en volwassenheid”, ’n verset ook van die jeug teen die ouer generasie. Ek noem in hierdie verband ook die naam van Abraham de Vries. Die verset van Leroux lyk vir my soos ’n hiperboliese verset wat tot die absurde moet lei, tot die verset sonder einde van Colet of tot die einde van die verset in ’n nuwe Mugu-orde, soos Etienne Leroux dit in die beeld van die skulp so skerp demonstreer: “Waar ons ook al kom” — ek haal uit **Hilaria** aan — “ons is oral gedoem tot rots-omringende poeletjies. Om en om. Altyd teen die wande. Dan kom daar ’n brander en ons is in die volgende poeletjie . . .” (**Hilaria**, p. 55). Altyd teen die wande of teen die mure, ook die “mure van die hart” (soos ’n digbundel van Olga Kirsch lui) of teen ’n hek — soos “Oom Diederick”, wat moet leer om te huil (in ’n verhaal van Jan van Melle).

Dié belewens staan in kontras met swerwe, dwaal en trek. En daar is baie motiewe in die Afrikaanse literatuur wat aan hierdie kontras uiting gee. **Koppigheid** is een van hulle. Die koppige mens wil met sy kop teen die muur loop. Dis die figuur van Herklaas by Langenhoven, dis die Wes-Transvalers van Eitemal, die Oom Sybrand in **Laat vrugte** en Oom Gabriel in **Die dam**, albei werke van C. M. van den Heever. “Ons is ’n klomp van harde koppe”, lees ek in **Somer**. En die koppigheid gaan dikwels gepaard met beteweterigheid — ek dink aan Emanuel de Roubaix se **Sal-maar-sê** en aan P. J. Schoeman se **Toktokkie** wat volgens die Boesmanlegende ’n “stywerug-mannens” was — koppigheid gepaard ook met die onvermoë om te vergeef (Bart Nel) en met alleenlopery en kleinsieligheid. Die alleenloper ontmoet ons soms as baasspeler (Oom Frans van E. de Roubaix) soms as ’n mens wat met die helm gebore is — die kind in **Oom Daan en die dood**, soms as snaakse boslaanster, as natuurkind soos byvoorbeeld Eitemal se burliesk-komiese Maans Kleinkoppie, soms ook as verstoteling en eensame worstelaar . . . die figuur van Gideon Botman (Van Bruggen) of, ten slotte kry ons die koppige mens as individualis en opstandeling — as Juliana Doepels.

Ook die **kleinsieligheid** wys 'n reeks van variasies op: van C. M. van den Heever se "skinderbekke" tot die tiranniese burgerlikheid van Periandros wat die digter Arioon in Opperman se drama **Periandros van Korinthe** kritiseer, tot die kleinsielige antipodes van 'n nuwe buitenaardse geselskap, wat Jan Rabie in die **Swart ster oor die Karoo** karikaturiseer (die predikant Joppie Brits en Wouter Rens, weer eens 'n hardkop wat met sy kop teen die mure loop). Die mure kan ook die wet wees. Dan verander die hardloop teen die wand tot verzet teen die wet. Dis toe die stem van Dikjan Kosmaag (Emanuel de Roubaix). Hy sê: "As die wet hierheen kom om belastings op te lê, sal ek 'n moord pleeg" — of iets dergelyks. Meestal is die opstand teen die wet met humorrealisme geveer, maar daar is ook iets van 'n aanklag teen 'n oormaat van wette in Opperman se Periandros-figuur, as hy sê: ". . . ek sal hierdie smet van julle en Korinthe verwyder deur wet op wet", 'n aanklag wat nog duideliker word in die digbundel **Kitaar, my kruis** van die kleuriling-outeur Adam Small, in sy refrein-agtige roep "die lô, die lô, die lô, die lô, what about die lô . . ."

Nietemin: Soos die mure, wande, hekke, waenhuise nie net perke hoef te wees nie maar tot beskerming mag dien, gaan dit ook met die wet en met die ander outoriteit wat 'n bewarende krag uitoefen en waarteen die verzet rebelleer: naamlik die Bybel. In hierdie positiewe betekenis behoort hulle saam: die trek, die wet en die bybelboek. Ek herinner aan die laaste vers uit **Louis Trichardt se einde** van C. M. van den Heever. Dit lui: "O Here, hoor 'n eensaam trekker se gebed/Laat niks verlore gaan: wat suiwer was en mooi/In latere tye uitgegroeï wees deur u wet . . ." Dit sou vermetel en onnosel wees om die essensie van hoe die Afrikaner in sy literatuur aan sy betrekking tot die Bybel uiting gee, met 'n paar woorde te wil saamvat. Ek sal dit nie eens probeer nie. Maar ek wil tog sê wat my omtrent hierdie betrekking die meeste aangeraak het. Dis die boekevat en die aanneming (soos by Ampie), die dikwels humoristiese figure van ouderlinge, dis die predikante van Jan van Melle, dis die geloof van Jakob aan sy "dieper reg" (Van Wyk Louw), die vertrouwe in God van die Afrikaners van "vanmelewe" (Con de Villiers), die "stem van die gewete", wat tot christelike liefdadigheid roep (Dawid Booyesen). Dis die oral teenwoordige bewussyn van die bese wat gedigte en dramas van Van Wyk Louw en Opperman toon. Die calvinistiese wete om die "verlate tuin" (Ina Rousseau), om die bese in die mens: "Die sesde dag het Hy die kiem geskep/van die verderf, die kanker wat gedug/wat onverbiddelek van eeu tot eeu/sy skeppingswerk weer sou ten gronde rig" (**Verlate tuin**, p. 6). Ek gaan nou weer terug na die perke waarteen die swerwer stoot. Ek het gepraat van koppigheid, alleenlopery, kleinsieligheid, van die wet en van die boekevat . . . Maar daar is nog 'n verdere literêre motief wat met hierdie polariteit in verband staan: die terughoudenheid van literêre figure om aan hulle gevoelens deur **woorde** uiting te gee. Die skraalheid van woorde asook die gevoel dat woorde nie in staat is om die essensie van sake en persone te bereik nie. "Ons Afrikaners", sê Eugène Marais in **Diep rivier**, "is nooit geneig om ons gevoelens te laat bôtvier nie". Oom Gert maak grappies wanneer hy gevaar loop om gevoeligerig te word. Ons ken die figuur van die vryer wat aan sy geliefde geen stomme woord te sê het nie en wie se liefdesverklaring in sy keel bly steek, ons weet hoe hierdie Ampies swaarkry omdat

hulle nie weet hoe om kontak te maak nie. Dis ons menslike las", sê die generaal in W. A. de Klerk se toneelstuk **Jaar van die vuuros**, "ons bly geslote van mekaar". In Opperman se woorde lui dit: ". . . ons bly vergader:/artse, priesters, digters, advokate/ maar wat bring ons aan mekaar ooit nader?", of êrens anders: ". . . en tussen klip en klip, tussen mens en mens/hoe vreeslik, God, die stiltes en die swye. . ." (**Engel uit die klip**, p. 23). Ook Van Wyk Louw ken die "vreemde Kongos wat tussen mense vloei" (**Gestaltes en diere**, p. 23). En hy sê in **Germanicus**: "Woorde kom so bloedig en so swaar/te voorskyn uit 'n mens, nes kinders." Ons mag sommer ook luister na wat die esel Jaffie geleer word: "Baie praat, bietjie dink" (79), sê Oom Vaaltyn, of 'n ander keer: "Onthou dit, Jaffie, die nodige woord is die waarheid, die onnodige woord is die leuen" —, en "Woorde is die begin van alle kwaad" (26). Moet ek nog aan soortgelyke ondertone in die **Ballade van die bose** (Van Wyk Louw) herinner? Selfs die woordryke Uys Krige koester soms wantroue teen woorde: "Wat sou vernuf en geestigheid my baat?/Ek sou hom in geen strik van woorde vang. . ." (lees ek in een van sy gedigte, p. 18).

Maar dis weer net die een kant van die saak; die ander kant is die eerlikheid van literêre karakters soos dié in M. E. R., in Mikro, in Van Melle, in Krige se prosa, wat "**reg op die man af praat . . .**" En naas die eerlikheid herken ek in u letterkunde hierdie **tweede** teenwig teen die terughoudenheid met woorde: Mense wat geslote van mekaar is, moet soms uitbars, moet soos die digters van dertig toevlug neem tot **belydenis en ekspressionisme**. Ek het ekspressiewe gebare raakgeloop in werke van W. E. G. Louw, Krige, Leroux, Ernst van Heerden, Jan Rabie, S. J. Pretorius en selfs Van Wyk Louw, wat homself andersins van die ekspressionisme gedistanseer het. Die dood van Colet op die denneboom, met "die dennetakwaard tussen sy bene", lyk vir my 'n ekspressiewe gebaar, en die liefdesverklaring van die Mugu aan die hele wêreld is 'n hiperbool van ekspressionisme, wat langs die eindelose stroom van die lewe die punt van vereniging, die ekstatische lewensgevoel soek. Ekspressionisties is myns insiens ook die simbool van die spiraal, waarvan byvoorbeeld Pretorius dikwels gebruik maak, soms in dié variasies van "draaikolk" en "vlam". Die spiraal, wat in 'n eindelose beweging van binne na buite lei, wat probeer om die afgeslotenheid van die enkeling te deurbreek. Die ekspressiewe gebaar is 'n kind van die eensaamheid. Gebrek aan woorde maak eensaam; die trekker trek na die eensaamheid van die veld. Eensaamheid is — naas swerwe, en mure, koppigheid en die gebrek aan woorde 'n verdere hoofmotief waarop my aandag in die Afrikaanse literatuur gevestig is. Daar is 'n aantal begrippe wat daarmee saamhang, soos "apart", hard en teer en "swaarkry". Rabodutu, wat op Sesotho "vader van die eensaamheid" beteken, het in die gelyknamige roman van Gottfried Heinrich Franz deur swaarkry in die vryheidsoorlog eensaam geword. Letterlik eensaam, 'n weeskind in die veld, maar ook eensaam teenoor sy medemens. En as ons aan Hendrik du Precz dink, aan die man wat — in 'n verhaal van Eugène Marais — op die "rots van verskrikking" vasgesluit is, kom daarby nog die eensaamheid teenoor 'n onverstaanbare, verskriklike God. Dis 'n grensplaas-situasie in alle opsigte. En as ons daarop let hoe in die literatuur (of ten minste in enige tipiese stukke daaruit) die grens-situasie oorwin word, het ons, glo ek, ook iets tipies Afrikaans

aangeraak. Ek noem o.a. die **wyse** waarop M. E. R. die vrou wat in die **hol krans** geslaap het en deur die hoogwater gewek is, tot bedaring laat kom. Sy roep nie om hulp van buite nie, sy vind die hulp slegs in haarself, sy oordink die kanse wat sy het om te bly lewe, sy “maak ’n plan” en sy glo dat “alles sal regkom” — en as ek dit sê, het ek al weer twee motiewe genoem, motiewe wat op die verbondenheid van die Afrikaner met die natuur en op sy optimisme en lewenskrag wys. Maar laat ek vereers die eensaamheid afhandel.

Daar is klaarblyklik in die Afrikaanse letterkunde ’n samehang tussen eensaamheid, **swaarkry**, **hardheid** en **taaiheid**. Van Bruggen en Eitemal het hierdie samehang in die swaarkry van esel en mens uitgebeeld. S. J. Pretorius toon o.a. in sy gedig **Werktuigkundige**, hoe God die hart slyp “met die donker skerp, klein helsteen van die smart”, en G. H. Franz getuig in **Moloisi**, die **wyse** van dieselfde ondervinding. Parallel geskakel met die hardheid is, in die akoestiese en die visuele bereik, woorde soos skerp, fel: Dis seker nie toevallig nie, dat ’n digter wat met die natuur van Suid-Afrika, met sy landskap en diere-wêreld so verbonde skyn te wees soos Watermeyer, in woordepare soos “pynblink”, “smartblink” die eenheid van felheid (aldus hardheid) en smart (swaarkry) tot uiting gebring het. Maar weer eens, soos in die geval van woord-arm en woordryk wees, vind die hardheid sy teenwig. Daar is so baie digters wat van **teerheid** en vertedering praat, en van die wilkerboom, uiterlike simbool van ’n innerlik bedoelde kwesbaarheid. Ek hoef net Elisabeth Eybers, C. M. van den Heever, W. E. G. Louw en Ina Rousseau te noem. En die kontrastering van Piso en Germanicus deur Van Wyk Louw het die polariteit van hard en teer op die toneel verhef.

Nietemin glo ek dat die wese van die Afrikaner nog beter te herken is in Pretorius se gedig **Efemere kaktus** (**Inkeer**, p. 41) en in Opperman se **Krap**, as hy sê: “Ek kyk uit pantsers deur ’n kier/en flikker in die sonlig skêr en spier./verberg die fyn en tere/agter die stroewe skild op ’n skarnier” (**Engel uit die klip**, p. 34).

Ons besoek nou weer Marais se man op die rots van verskrikking. Wat hy meestal vrees, is nie die swaarkry, is nie die eensaamheid teenoor ’n vreemde God, is nie eens die afsluiting van ’n wêreld nie, wat vir hom, die swerwer en trekker, “altyd grenslose wydtes en onbeperkte vryheid beteken het”. Nee — ek haal aan — “van al die gevare wat hom op die krans bedreig, was geen enkele groter dan die gevaar wat van binne kom: die dieragtige verwildering en verlies van selfbeheer . . .” Dis ’n nuwe aspek hierdie, ’n nuwe motief: die motief wat ons in **Raka** so baie duidelik kan herken, die gevaar van die roekelose **diermens in ons**, van die chaos, wat telkemaal die menslike orde mag bedreig. Dis ’n motief wat in menige gestaltes kan opdaag, soos “die bose” in Van Wyk Louw se **Gestaltes en diere**. Vir my het die chaotiese, die dierlike in ons veral in drie beelde vatbaar geword: die **berserker**, die amokmaak en die kweperlat. Ek dink aan die vele skilderings, waar ’n mens, gedrewe van dierlike sug of dwang nie kan ophou om iets te doen, om te vloek, te slaan, te moor, te eet of **weer** oormatig te **arbei** nie. Dis aldeer die stem van Van Bruggen se Sagrys, as hy Booia beduie: “Wanneer ek tot die eerste hou uithaal, vat die duiwel my hand, hy vat my lyf, hy leef daarbinne in my kop, en die slaan hou nie op nie” (so

of 'n bietjie anders; ek mis die boek). Wat die “kannie-ophou-om-te-vloek-nie” aangaan, herinner ek weer aan Hendrik du Preez op die rotslys, maar ook aan die vloeker in Abraham de Vries se verhaal **Vader en seun**, en aan die kamer van afsondering met die helse stoomgesuis in die Silberstein-roman, waar Jock kan “vloek, laster en huil, soos hy wil” (50), sonder om gehoor te word. Ampie word 'n “berserker”, as hy die vuur slaan. “Hy sal kan aanhou vuurslaan, dae lank . . . Hy lewe in die doodslaan van die vlamme, die vuur beset hom met die wreedheid van 'n fanatis op die slagveld . . . En nou hy hom 'n baas voel oor die vlamme, gloei sy oë van moordsug . . . (205). Frans Venter se **Man van Sirene** voel die woede teen die Romeine in hom, “die roekelose woede wat 'n man blind en dof maak . . ., wat jou dryf soos 'n dier, 'n arend wat bloed soek, of 'n bul wat die wêreld wil breek . . .” (47). Ampie of Simon van Sirene of Demosthenes de Goede . . . Van den Heever en I. D. du Plessis skets die boer wat nie ophou om te werk nie. Jan Rabie — **Drie kaalkoppe eet tesame** — pas die motief van die berserker op die vraatsugtige toe. Maar in 'n ander prosa-skets uit dieselfde bundel — **Een-en-twintig** — ontmoet ons ook die ware amok-maker — die ekshibisionis in die slaghuis. Reeds Leipoldt en later Opperman het van die amokmotief gebruik gemaak. Om oor die berserker met die kweperlat of die sambok afsonderlik te praat, sou te lank duur, ek noem net Ou-Nortjé, die model van alle bose vaders, die genadelose weesheer in **Daiel se afskeid** ('n verhaal van C. M. van den Heever) en die baas Willem in Rabie se roman **Ons, die aigod**.

In die gloed van Ampie se oë kom weer, lyk dit vir my, iets tipies Afrikaans te voorskyn. Gloed kan sowel negatiewe as positiewe waardes aandui; negatiewe in die geval van berserker en amok-maak, positiewe in die geval van ekstase, van begeestering, van 'n uitbundige lewensdrang en lewenskrag. Ek het my eerste Afrikaanse bloemlesing onder die titel **Gloed in Afrika** uitgegee omdat hierdie woord en die wyse hoe dit in die literatuur aangewend is, vir my 'n betrekking skyn te hê op alle enkele motiewe waarvan ek hier gepraat het: eerstens op die swerwer en trekker; tot “die volkstam van profete, wie se oë gloei” (soos Peter Blum in **Steenbok tot Poolsee** sê, p. 102); daar is gloed in elke gedaante van verset . . . “'n vreemde smart (die gloed) verteer Ampie se binneste, gewysig deur 'n gevoel van verset teen alles op die wêreld . . .” (47), en daar is ook gloed in die koppige mens (in Herklaas die ywerer, wat van binne gloei); daar is gloed in Ampie as boeke gevat word en in Van Melle se predikante; in die mens wat die moeite het om sy gevoelens uit te spreek, gloei dit totdat die vlamme van ekspressionisme uitslaan. In S. J. Pretorius se gedig **Nagpoel** kan ons die samehang tussen eensaamheid, hardheid en gloed baie goed herken. En laastens wys ek weer op die gloeiende woede van die berserker en die gloeiende geesdrif van verrukking en lewensekstase, die wilde lewensekstase van Ampie as hy die ossewa stuur (**Meisiekind**, p. 73), en die lewensekstase van die Mugu, wat deur die hipsters knock-out geslaan is en homself “uitbundig oorgee aan die hele malse lewe”. En daarmee kom ek nou tot my laaste literêre motief: die **vitalisme**, in die Afrikaansliteratuur, I. D. du Plessis het in sy “credo” van 1937 gesê: “Ek glo aan die toekoms van die Afrikaanse taal, aan die opbloei van die Afrikaanse letterkunde en aan die uiteindelijke bestendi-

ging van 'n kerngesonde, rotsvaste Afrikaanse nasie". Lewenskrag lyk aldus deel uit te maak van die beeld wat die Afrikaner van homself gevorm het. Van woorde wat met die lewenskrag van Afrikaners in verband staan, het my die adjektiewe "springlewendig", "perdfris" en "uitbundig" meestal opgeval. Dit mag wel met my eerste stap tot Afrikaans (wat oor die doodkis gegaan het) saamhang, want dis tog veral die swerwer Krige wat in figure soos die plattelandse Pablo (in die **Goue kring**) Oupa Lorca in **Sol y sombra**) en die visser in **Twee lampe**, dus in mediterreense mense springlewendige, perdfrisse Afrikaners, (homself nie uitgesluit nie) uitgebeeld het. Oupa Lorca — ek haal aan — "die perdfrisse, springlewendige Spaanse oubaas . . . is kompleet 'n masjien wat elke aand opgewen word en wat nooit, nie so lank ek lewe, sal afloop nie . . ." Dis die ware Uys Krige self. Hierdie plattelandse en bolandse lewenskrag toon nog baie andere sye — die bonhomie byvoorbeeld, die "ware siele-adel" van Con de Villiers se mense (**Snel dan jare**, p. 76), hulle neiging tot geselligheid, gasvryheid en vrymoedigheid, tot uitbundige opgeruimdheid; verder die sin vir humor, vir die snaakse situasie, en natuurlik die Afrikaanse optimisme, die geloof en wete dat "alles sal regkom"; ek het daarvan in werke van M. E. R., van Jan van Melle en weer van Con de Villiers ervaar. Ook die entoesiasme vir sport, vir 'n rugbywedstryd in **The dream and the desert** en Ernst van Heerden se gedigte oor sport kan ek noem. Hoewel hier reeds 'n andere, kontrasterende dimensie meespeel: die ang. Want in die middel van sy vreugde van spierkrag besef die hardloper dat "die ander man sal eendag eerste wees" — die vreemde, ander man: die dood.

Ook in die ekstatiëse lewenslus van party figure van Etienne Leroux glo ek is hierdie **kontras** van uitbundigheid en magteloosheid, van vrugbaarheid en steriliteit te herken. Hier makeer iets. Die lewenskrag oortuig nie meer waarlik nie. Liewers hou ek my by die "carpediem-stemming" van Krige se Pablos en vissers van die Kaap. Hulle weet hoe kosbaar die lewe is omdat dit so kort is — "—Al verder, verder van/hul sielerus!/En almal smag na lewe./ Wie kan dié vuur ooit blus?/ Die dood, verskerp hom slegs,/Dié drang, ons lewenslus . . ." (**Ballade van die groot begeer**, p. 81). André P. Brink, 'n ander Afrikaner wat homself in Spanje gaan soek het, sê dieselfde: "Deur pyn en deur die dood besef die mens die intieme kosbaarheid van sy lewe" (**O!é**, p. 28).

En ek hou van die leer van die **Goue kring**, dat die dood slegs deur liefde **oorwin kan** word. En nou het ek van 'n woord gebruik gemaak wat my dwing om by die laaste motief (die vitalisme) 'n allerslaaste te voeg: die motief van oorwinning. Elke trekker moet sy laaste skof oorwin. In hierdie beeld wat ons in die letterkunde dikwels ontmoet, is oorwinning op 'n uiterlike teenstand gemik. Dis die geval met Ampie en sy aanneming, met Simon van Sirene — "vir hom (ek haal aan) is die arbeid in die son 'n vreugde en elke nuwe mud koring 'n oorwinning" (p. 10), en dis ook die geval met die jagter-swerwer "op verpaaie" wat in die roep van die ver plekke in Afrika "die oorwinning van die ewige oor die tydelike" verneem, (soos P. J. Schoeman sê). Oorwinning van teenstande **vorder** die vermoë om sig by nuwe omstandighede aan te pas. Hierdie vermoë, waarvan die Afrikaners in die

verlede herhaaldelik bewyse gelewer het, het ook in die letterkunde sy spore agtergelaat. Byvoorbeeld deur M. E. R. se stem, wat tot inkeer en tot prakties-vroulike houding in elke nood oproep, deur Opperman, wat in die denkebeeld van die metamorfose aan die lewe 'n kans op voortbestaan gee; deur Jan Rabie, wat in sy futuristiese romans die kosmobiologiese aanpassing van die mens oorweeg. In elke geval is oorwinning van teenstande tegelykertyd **selfoorwinning**. Oorwinning van die roekelose vryheidsdrang (Ampie), oorwinning van die verset (Dawid Booysen), oorwinning van die koppigheid (Rudolf Dreyer), oorwinning van die hartstog (in "**Die laaste aand**" deur Leipoldt). Die motief van oorwinning in die Afrikaanse letterkunde is die laaste maar nie die minste nie wat my aan Suid-Afrika en aan die voortbestaan van die Afrikaners laat glo. Baie dankie vir u geduld met my poging om Afrikaans te praat en vir u aandag.

DRIE GEDICHTEN

1

oud zijn
de jaren dragen in een
verkreukelde huid
met de gladgestreken herinnering
van wat is volbracht

de toestemming om
omwille van versleten oorschelpen
voorbij te mogen lopen aan
woorden als chili of vietnam
het gerechtvaardigd sluimeren
de tijd zijn rust te gunnen
om oa bloedvaten te sparen
geen onrust meer
om het leven
het geprezen inslapen bij
bv de nieuwsberichten

oud zijn
alle kwalen als pleister
mogen gebruiken

afgetrapte ballatum ogen naar
achter laten groeien
verfrommelde handen in een
hedendaagse schoot

maar vooral
geen hoop meer te moeten
spreken
geen strijd meer om
een andere wereld

het verlangen naar die leeftijd
is niet eens zo verwerpelijk
als men pleegt te denken

2

in de warmste uithoeken
van hun kamertjes zie
je ze zitten
nieuwe mensen scheppend

gebaren pratend met hun
beeldhouw-vingers
een vreemde oorlog tussen
stoel en droom

zelfs het joernaal brengt
hier geen verpozing

het ijs moest gebroken
er liepen barsten over een
gezwollen tong
na zoveel dagen zwijgen
stroomde de angst eruit als
etter

t was alleen maar
een te zwakke stameling
een vraag
met een laag vuilnis erop

om niet herkend te worden
opdat die angst weer
niet zwanger worden zou

een smeekbede bv
het gooien met glazen
om er achter te komen of
je werkelijk
ook morgen niet
alleen zult zijn

KLEIN KRONIEK

Sy kyk op na die vergeelde stadsjakarandaboom op die sypaadjie net voor die skoenwinkel. Miskien is daar nog 'n naloperblommetjie of 'n trossie, soos op die plaas, dan kan sy hulle die kleur in die skoenwinkel wys as hulle nie weet wat lila is nie. Ligblouers, sal sy dan verduidelik, soos in die woordeboek, want daar is niks aan die boom nie.

Haar pa staan al klaar die deur van die klein skoenwinkel vol en haar boetie skuif langs hom binnetoe. Sy is reg agter haar pa toe hy die growwe viltpantoffel met die skelbont tossel van die staanrakkie sommer hier skuins voor hom afhaal en sê: Hier is die pantoffels. Hy sê dit hard, kliphard, sodat die skoene dit in die dose kan hoor. Kan hy hom dan nie inhou nie? Hy is mos nie nou in die veld agter die klonkies en bees-te nie. Sy skaam haar so. Hy doen dit met opset, dink sy, omdat hy nie in die stad wil woon nie, omdat hulle hier skoolgaan en Ma dit wou hê, en omdat Ma siek is en hy nou saam met haar pantoffels moet kom soek, omdat hy self wil betaal en nie die geld vir haar wil gee nie. En omdat hy reguit gesê het sy sal met seuns staan en rondloop.

Dit is nie lila nie, sê sy stil.

Wat? brul hy, soos dit vir haar voel.

Dit is nie die kleur nie, sê sy toe 'n winkeldame naderkom.

Sy wil pantoffels hê maar sy sê dié is nie goed nie, sê haar pa nog net so hard. Wat wil jy dan hê, hê? En hy verroer nie 'n voet nie sodat sy agter hom omloop tot by die assistent.

Lila pantoffels, die plattes met die lang hare, weet u? Nommer ses, asseblief.

Ek vrees ek het net swartes, maar ek sal seker maak. Sit solank, en sy wys na die leë stoele naby die deur.

Die meisie gaan sit, en toe kom haar boetie, en eindelijk, weerbars-tig, haar pa. Die ander stoele weerskante van die vertrekkie is byna al-mal beset. Die mense het skynbaar niks gemerk nie, of hulle is baie goed opgevoed in die stad, of hulle steur hulle nie aan ander nie. Of dalk is hulle dit gewoon, kry sy die nagedagte. As hier nie pantoffels is nie, bly sy daarsonder. Of sy wag tot Ma beter is. 'n Mens skaam jou dood so. Hy laat jou soos 'n velskoendraer voel.

Die winkeldame, ouerig, met moeë bene kom dáár uit die stoorka-mer en neem die meisie, boetie en pa in een opslag op sonder dat hulle haar sien. Veral die meisie. Sy is verbasend netjies vir so 'n opgeskote dogter — hare nou wel lank en los en agter die ore ingedruk, en die rok-kie miskien te babablou, maar glad nie te kort nie, al is sy goed stewig gebou. En wit kouse en skoene dra hulle vandag mos selfs in die win-

ter. Nie sleg by die ligblou nie. Haar gesig het 'n rustige oorgawe, glad te volwasse vir haar jare, of is vandag se kinders maar so? wonder sy. En toe kyk die meisie na haar asof sy van v er af in die hede terugkom, en sy sien dat haar o  dieselfde dig-lytblou as di  van haar rok is — skoon soos vroe  lug voor daar nog iets met die dag gebeur het.

Ek het drie paar gebring, s  die dame toe sy die voetstoeltjie nader-trek en 'n swart paar uithaal.

Die meisie voel daaraan en s  niks.

Toe haal die dame 'n rooskleur paar uit en sonder om op reaksie te wag, die lila pantoffels. Daar kom 'n glansigheid op die meisie se stil gesig toe sy daaraan voel en dit aanpas.

Dis reg, dankie, s  sy en gee dit aan die dame, sonder om eers te vra wat dit kos.

En wat wil jy met so 'n roukleur maak? snou haar pa haar weer af. Die hele vertrekkie hoor dit weer, kliphard.

Buffel, dink die dame, en sy gaan na die toonbank om die pakkie toe te draai, met die meisie dadelik agter haar aan, asof sy bang is dat dit haar nog sal ontglip.

Groot en lomp staan die pa op, gryp een van die dose van die vloer en kyk na die prys en plak die skoendoos dan op een van die stoele neer. Hy loop agter die meisie aan, sit die bedrag op die toonbank neer net toe sy die pakkie neem, en draai om, buitentoe, sonder om hom aan haar: Dankie, Pa, te steur.

Buite loop hy en die seun sommer aan. Eers loop sy vinniger om by te kom en toe hulle nog nie wag nie, loop sy gewoonweg, ingeto , alleen agter haar stil gesig, die pakkie versigtig in haar hand. By die robot moet hulle wag.

By die huis moet sy eers vir Pa en Boet wat voetbal toe wil gaan, kos gee. Ma wil nie eet nie. Tant Anna het laat weet dat sy vroeg van die plaas af vir die middag inkom, en Ma sal sommer net saam met haar koffie drink. Net voor Tant Anna kom, kry sy eers kans om Ma die pantoffels te wys.

Maar kind, pers pantoffels pas mos nie by jou nie, dis 'n oumenskleur, 'n halwe roukleur.

Dis nie pers nie, Ma, dis lila, ligbloupers. Dis net so 'n mooi sagte woord soos die pantoffels self. Kyk...

Toe klop Tant Anna en sy gaan maak vir hulle koffie en gaan dan na haar kamer. Sy sit al haar goed vir Maandag se skoolgaan n  die vakansie reg — net die skoene moet nog skoongemaak word en dit kan Boet sowaar die keer doen. Hy moet ook leer om iets te doen, hy word al nes pa. Daarna haal sy tydsaam alles vir die Sondag uit en sit dit reg soos vir 'n groot, besondere geleentheid.

Nou is dit nog Saterdagmiddagstil daarbuite, met net af en toe van v er 'n golf voetbalegjubel of -teleurstelling. 'n Heerlike uur voor almal

weer aand toe sal jaag. Sy gaan lê in die warm winterson op haar bed met haar hande agter haar kop.

Dit was net mooi dié tyd verlede Saterdag toe sy hom op Tant Anna se plaas gegroet het, by die jakarandaboom met die drie trossies blomme. Geloof, hoop en liefde — het hy gelag toe sy sê dat dit buite die seisoen is — hulle is altyd in die seisoen. En hy het dit sommer gesê of dit niks is nie. Maar miskien steek hy maar weg, soos sy. Jy is so vreeslik beheersd, sê die meisies altyd, en dan weet hulle nooit van al die onstuimigheid hier binne nie. Sy sug. Dis soos 'n hele lewe wat sy die paar dae deurleef het van verlede Woensdag toe Tant Anna haar sommer op die ingewing van die oomblik, soos sy gesê het, hiervandaan plaas toe geneem het om ook 'n bietjie vakansie te hou. Jy is al skoon bleek soos jy jou ma versorg en 'n jongmens moet buitelig hê, het sy gesê. Pa was stad toe en sy en Ma moes iets gepraat het dat sy sommer-so uit die bloute losgelaat is.

En so het sy met net die noodsaaklikste op die plaas aangekom en die ander kuiermense daar gekry — Tant Anna se vriendin wat vir die vakansie gekom en daar siek geword het, en Chris.

Nou kan Ma maar lekker siek bly, ek sal tog nou geselskap hê, sê hy toe Tant Anna haar in die siekekamer aan hulle voorstel. En daar het die lila pantoffels voor die bed gestaan, net by die stoel waar sy toe gaan sit. Verleë kyk sy af en sê: Dis pragtige pantoffels dié, Tannie.

Ja, is dit nie? sê hy. Ek het dit vir my ma gegee. Dis so sag en fyn en al die jongmense dra dit. Sy is mos nie oud nie en haar ander pantoffels was sommer harde ou goed met lelike pompoms. Ek hou niks van lelike goed nie. — Soos myne, dink sy. Dan mag hy nooit myne sien nie.

Chris, jong, skaam jou, lag sy ma toe nog.

Hulle het saam perdgery soos op Pa se plaas, vroeg opgestaan en met die plaaswerk gehelp, by die bure gaan kuier en saans by die tamaai kaggelvuur gesit tot die stompe weggesmeul het. En hulle het voel-voel hulle ervarings oorweeg en uitgeruil, soos kinders met kosbare albasters vriendskap sluit.

Nou weet hy waar sy woon, en dat Ma siek is en Pa sy plaas verhuur het en in 'n kantoor werk, want Pa het ook sy geleerdheid en Ma wil hulle geleerd sien. Maar waarom Ma siek is, het sy nie gesê nie. Dit kon sy mos nie. Dit was iets vir vrouens, iets geheims, sy weet nie hoe nie. Sy wou ook nie by hom daaraan dink nie, dit het haar skaam laat voel. Maar die laaste aand het sy weer daaraan gedink, hoe Ma haar die nag geroep het toe Pa die naweek plaas toe was, en gesê het sy moet die dokter bel, en haar toe vertel het van die miskraam en haar gewys het wat gebeur het, omdat sy groot word en moet weet, en hoe sy dit die hele nag voor haar gesien het — die snaakse klont wat 'n mensie sou geword het... En onthou altyd, dit is heilige dinge, het Ma gesê, mooi dinge wat jy net mag doen as jy mekaar liefhet en jy jou aan mekaar beloof en as jy trou en getrou bly. Sy het daarna die hele nag lê en bibber, en toe Pa vroeg die oggend terugkom en Ma hom dit vertel en saggies huil, sê hy bars: Vervlaks, wat lê jy nog en grens. Plaas dat jy

dankbaar is. Dis een mond minder om kos te gee, veral as dit weer 'n meisie sou gewees het...

— Skaam jou, dis nie my skuld nie, snik Ma, en toe loop hy met 'n groot woord die kamer uit. En toe het sy haar hier ook sommer aan die slaap gehuil.

Toe Chris haar groet, het hy gesê dat hy haar seker die Sondagaand voor die skool begin by die kerk sal sien. Sy voel sommer orals warm, hier in die lekker son, en sy dink weer alles óór, hoe hy lyk as hy lag, en sy gesig van die kant af saans by die vuur, en as hy na haar kyk...

Toe sy terugkom het sy vir Ma gaan vra of sy nuwe pantoffels kan gaan koop wat sag en warm is en nie so koud en hard soos haar oues nie — die lelike goed wat Pa vanoggend sommer weer wou koop. Ma het gesê hare lyk nog so goed en sterk en alles word so duur, geld is nie volop nie. Maar toe het Ma gesê sý sal hulle kan dra en sy sal Pa vra van die pantoffels. Liewe Ma, is sy ook bang vir Pa? En sy sê nooit 'n woord teen hom nie. Sy kan daardie nag nie vergeet nie. Is hy dan nie meer lief vir haar nie?

Pa wil vanaand ook nie kerk toe gaan nie, maar Ma sê iemand moet gaan. Sy sê sy sal. Pa sê sy kan nie alleen loop nie. Later toe Pa uit die kamer is, sê sy vir Ma dat sy tog tussen al die ander mense huis toe sal kom. Daar is baie wat die pad loop en sy sal niks oorkom nie.

Sy neem lank om aan te trek en te kyk dat sy mooi lyk, en stap toe aan. By die kerk sal sy vir hom wag, na die tyd. Sy weet nou waar hy gewoonlik sit. Sy sal sorg dat sy net naby kom en vir hom sê dat sy vir haar net sulke pantoffels soos sy ma s'n gekoop het. Nee, dat haar pa dit gedoen het, al het hy nie, want hy het betaal maar dit nie met sy hart gegee nie. Maar Chris moet 'n goeie indruk van haar pa kry, hy moet goed van hom dink, veral ook... hy sal haar pa eers moet vra as hulle eendag wil trou. Trou — die woord laat haar sag en wonderlik voel. Eers was dit sommer 'n los woord, soos enige ander een, nou is dit innig en naby, al weet sy nie presies hoe nie. Maar dit is iets moois, dit *moet* mooi wees. Ma s'n was ook mooi, eers, sy is seker, maar haar eie moet mooi bly, altyd en ewig.

Hy en die ander meisie sit skuins voor haar anderkant die paadjie. Parmantige keiltjie. snyerspakkie, kort gekapte hare — nie tienderjarig los soos haar eie met die breërandhoed nie. Ook nie die rok-met-moulose-jassie wat almal dra en waarin sy nou soos 'n kewer met wegstaansmanelletjie voel nie. Dáárdie een lyk ehic, 'n regte dame. Hy fluister iets vir haar en sy kyk na hom en glimlag. Haar naam is seker ook so — viets en fyn. Nie Alet, soos 'n swaar klip met 'n dubbele val a-let nie. Sy voel so plattelands, agteraf, so... lomp...

Die preek se woorde, die gesange, die gebed dreun by haar verby, die kollekte klink yl en ver, die koor is êrens dáár waar sy wil wakker word maar nie kan nie.

Die kerk is uit. Op die een of ander manier is sy kort agter hulle by die portaal en skuil tussen die mense in met haar hartseer. By die trappies kyk hy skielik om en sien haar, voor sy haar gesig kon weg-

draai, voor sy iets kon doen. En toe skuif sy agter die deur in, verby die agterste leë banke na die sydeur.

Sy wil hom nooit weer sien nie, sy sal nie, sy sal Ma vra om haar weg te stuur. Baie ouers stuur hulle kinders weg, vroeër of later moet sy leer om weg te gaan, om nog seerder te kry... Dan sal sy gouer leer om nie so seer te kry nie, nie soos Ma nie...

Toe sy inkom, hoor sy Pa hard met Ma argumenteer, alweer, en toe huil Ma.

Sy gaan kombuis toe, maak tee, loop toe hard in die gang af dat hulle haar kan hoor, en klop by hulle kamer. Hier is tee, Ma, roep sy. Ek sit dit sommer hier neer, ek gaan maar slaap, hoor.

Sy haal haar nagklere van die hangertjie in die kas af. Daar staan die lila pantoffels. Sy laat hulle staan. Twee ligpers plasse wat rou oor hulle voete wat makeer. Dooie gate. Soos belof en getrou.

Láát in die nag dink sy dat sy hulle maar vir Ma sal gee. Dis tog vir ou... vir ouer mense, het Ma gesê. Roukleur kan sy nie sê nie, wil sy nie sê nie. Sê nou Ma kom iets oor... Dit bewe by haar ruggraat af. Sy sal vir Ma sê sy moet ook 'n bietjie voel hoe sag dit loop, en dan sal sy sommer ongemerk weer haar oues pal begin dra.

Toe die skoolklok Maandagmiddag vir huistoegaan lui, drentel sy met haar boeke sodat sy laaste uit die klas kom. Waarom moet sy haastig wees om huis toe te gaan, om hoegenaamd êrens heen te gaan. Hier of daar of waar, orals is dit eners — harde woorde, seermaak, selfsug, skynheiligheid, vroom praatjies. Waarvoor moet 'n mens kastig lewe?

Toe sy by die hek uitslenter staan hy voor haar. Net hulle twee. Lam geskrik kyk sy na hom, en toe af, na haar skoene waarvoor sy vanoggend 'n slegte punt gekry het omdat sy nie eers lus gehad het om hulle toe maar self skoon te maak nie.

Jy het gisteraand so snaaks gelyk, sê hy. Ek wou nog hê jy moet saam met my en my niggie gaan, toe het jy al verdwyn.

Sy kyk op met oorgawe, haar oë helder met alles wat mooi is. Weet jy, ek het vir my net sulke pantoffels soos jou ma s'n gekry, sê sy. Mooi sag, en lekker warm, net sulke fynes...

BOUZOUKI-SPEL

Die dorpie lê baie skuins want die aarde stoot hier sommer meteens uit die see op. Die huisies sit wit opgestapel weerskante van die nou strate.

Vir jou uit 'n sonnige suidland is die volkome afwesigheid van bome en struike heel vreemd. En in hierdie felwit sonlig verlang jy nogal dikwels na die koelte van 'n boom.

Gelukkig waai die wind voortdurend hoog en sout en klam deur jou lang hare wat reguit en los hang. En wanneer jy en Nikki hand aan hand die steilte rem-rem afdraf, kyk die vroue van die dorp vir mekaar.

“Sy is nie van ons land se mense nie,” frons die oudste van hulle.

“Sy het heeltemal in Nikki ingevaar!” raas 'n meisie terwyl sy 'n stoeptrappie aan die straatkant driftig skoonvee. Haar mollige arms beweeg vlytig, maar in die donker oë smeul 'n onrus oor háár Nikki.

'n Groepie kinders skop kwetterend 'n rooi bal met die straat af. Die vinnigste een nael in alle erns om die bal wat op pad see toe rol, betyds te red.

Jy en Nikki leun uitasem teen die verroeste ysterreling bokant die klein hawe. Die bote se bruin en wit en geel en rooi strepe lê rimpelend in die blou water herhaal.

Iewers sing iemand met soet bouzouki-begeleiding... Sommer so in die oopte op die wind kom die note... dan sag, dan duideliker dan deurmekaar...

Jy weet die tyd raak kort — net so seker soos hierdie wit sonskyn wat môre weer kom, net so seker gaan jy weg. 'n Vakansie duur nie vir ewig nie. En 'n droom loop nog vinniger as die wind wat die water daar vér onder verkreukel.

Nikki se wit klere verblind jou 'n oomblik. Jy laat die grootoog-sonbril bo-op jou kop terug oor jou oë sak. Moontlik help dit ook om die hamerslae in jou bors te kalmeer. Want Nikki se oë bly dringend bruin en so helder dat dit seermaak.

“Dit kan nie,” praat jy en die wind gryp die woorde.

Tog hoor hy.

“Waarom kan dit nie?”

“Ek moet terug gaan.”

“Jy dink ek kan nie vir jou sorg hier nie...”

“Dis nie dit nie,” sug jy. Kan 'n jong mens ooit meer skaakmat wees as in hierdie situasie? wonder jy en hou skrefiesoë 'n seemeu dop wat oor die bote kantel. Sy skree dryf dof op die wind.

“Ek kán vir jou sorg... In my pa se kafee in die stad is daar baie werk, altyd werk. Ons kan albei daar gaan werk sodat ons heeldag saam kan wees. Ek wil jou altyd naby my hê...” dobber sy stem aaneen... aaneen...

Wie het gesê... of waar staan dit nou weer van u volk is my volk en waar u gaan sal ek...

“Kom ons gaan terug,” sê jy sommer om ’n uitweg te vind.

Die soet mandolien en bouzouki-snare kom nader namate julle met die steil straatjie klim na die herberg op die kruin van die hoogste heuwel waarteen die dorpie rus.

Met elke tree meet jy die jare af... Jare met of sonder Nikki?

Sy volk... jou volk. Dit klink na ’n bespotting in die ore. Wat van sy Kerk en jou Kerk? Jou Kerk kyk geslagte lank reeds vir jou uit ovaal rame. En sy Kerk staar in verweerde beelde oor ’n vervalle binneplein.

En skielik voel die wind kouer. Nikki se hand is sterk en warm om jou vingers.

Die bouzouki-snare strum steeds soet deur die souterige seelug. Eers stadig... dan vinniger... al vinniger tot ’n dolle ritme klim die klanke.

Jy en Nikki staan bo — heelbo teen die helling met die skuinse huisies, op hul trappies teen die heuwel gestut. Nikki moet by ’n deur afskeid neem.

Vir kort?

Vir lank?

Vir altyd?

Snaaks dat sy blik na alles nog so helder is. By sy mense se temperament sou ’n mens troebel verdriet verwag. En dan sou dit baie moeiliker wees om te besluit of jy bly en of jy gaan.

Bly of gaan... bly of gaan...

Die snarespel neem die sout uit die see... uit die seer.

Jy tuimel ewig in die bruin dieptes van ’n paar oë... ’n verdwaalde seemeu...

“Nee — nee — nee!” roep jy nog maar stap reeds met ’n rugsak weg uit die dorpie by die see... terug na jou land en jou volk en...

Die bouzouki-spel versnel tot ’n tempo waarby geen mens kan byhou nie. Dit skril deur jou brein met ’n deurdringende skerpte. En die wit sonlig verblind jou...

Jy strek ’n hand uit in ’n gebaar van weerloosheid... Die vingers sluit in ’n doodsgreep om die wekker voor die bed.

WERK WANT DIE NAG KOM NADER

Werk want die nag kom nader
vinnig
op 'n blou Vespa
brullend maar met net 'n bietjie olie
minder as die dwase
maagde s'n
meer as die bottelkers
van Distrik Ses.

Die bome hoor die vreemde geluid
en stamp hul voete; kou
speels aan die blare en klap
hul koppe klap-klap teen mekaar
wagtend op die skemer
om sy stem te laat hoor
soos daaglik in die aand
en partykeer in die late nag (of vroeë oggend):

alles wag
op die vertrek, brullend
en vol van nuwe olie.

WAG

Gereed
sal ek wag
my gesig tussen akkerblare
en my heup teen die rooi posbus
langs Stellenbosch se strate.
My voete sal twee sluise wees
in die droë slootjies-sonder-water
en my oë
die akkers wat eenkant lê.

MARIETJIE DU PLESSIS

HEILIGE DAG

Sondagoggend
val ek skaterend
uit jou arms

Sondagmiddag
is jy
'n koel wit rondheid
teen die bekkenbeen

PES

Ek loop my voete seer
om jou dood te kry
soos vuil slikwater
syfel jy
telkens
op tussen my tone

Vergaar jouself
in blase
bult uit
in liddorings

Stroomop
syfel jy in my
soos spatare
versier my bene
soos stekelgras

Slaan tent op
op my bobeen
sak in
soos water op die knie

Peristalse in my maagwand
alkohol in my lewer
virus op die brein
met elke hartklop
hou jy by

Met die elfuur-nuus
verlaat jy my...

Maar toet-toet
seweuur
byt jy weer vas
aan my achilleshiel

DRUSUS PINTO

Na die dood van Caligula het die wagte Drusus gehurk in 'n hoek gekry. Sy oë was toe. Hy het sy hande voor sy gesig gehou.

Hulle het bietjie beraadslaag onder mekaar en besluit dat Drusus in hul smaak val. Iemand het 'n woordspelling gemaak op die naam Caligula. Almal het begin lag.

So het dit gekom dat Drusus Caligula opgevolg het.

Generaal Pinto is soms "Drusus" genoem. Natuurlik nooit in sy teenwoordigheid nie, want hy was 'n ywerige student van die geskiedenis.

Menosia is 'n arm land. Vroeër was dit 'n diktatuur. Daar was altyd praatjies teen die regering, maar niemand het ooit die aansien of die moed gehad om openlik in opstand te kom nie. Pinto was die enigste uitsondering.

"Vryheid" verklaar hy op 'n perskonferensie, gelykheid, broederskap is die reg van elke Menosiër. Ons moet vrede skep, vriendskaplike verhoudings met alle lande en rasse; sosiale geregtigheid."

Menosië is in 'n oorlog gewikkel met die een of ander van sy buurstate. Vredespraatjies word in 'n ernstige lig beskou: Hy moet bedank. Oornag is hy egter 'n held.

'n Sekere groep jong offisiere, geïnspireer deur 'n paar bottels wyn en die gefrustreerde ambisie van enkele jare, ontwerp een aand die plan vir 'n mars op die hoofstad. Hulle is moeg vir oorlog, lus vir die lewe, bang vir die dood. In Pinto sien hulle 'n vredesfiguur, die verwesenliking van hulle drome. Deur hom wil hulle 'n nuwe Menosië skep. Vol van die jeug se sug na hervorming speel hulle kaart, drink, lag, maak telefoonoproepe, spreid die landkaart oop en werk noukeurige aanvalsroetes uit, drink, dui alle strategiese punte aan.

Op 'n dag rol die tenks in die hoofstad se strate; die uitsaaistase word beset; alle treine kom tot stilstand. Die Menosiërs eis die diktator se kop. Die hele nag deur word in die strate gedans. Wat die hoofstad betref, kry Menosië 'n nuwe aansyn.

Pinto ontvang besoek van 'n paar offisiere, jong, lewenskragtige manne. Geklee in uniform en monokel, hoor hy dat die leër hom as president wil hê. Reeds met sy woorde aan die vertrekkende offisiere verwek hy hul toegeneentheid:

"Die leër se wens is my bevel."

Dit blyk gou dat die diktator se troepe goeie skerpskutters is. Tallose opstandelinge word afgemaai. Daar word hewig oor en weer geskiet. Na twee dae gee die diktator oor en word verban. Twee weke later word Pinto as president ingesweer.

Dit is twee dronk weke in Menosië. Elkeen wat 'n bottel wyn kan vashou, drink daaruit: Pro-Pinto mense uit vreugde, ander uit gewoonte, die loyaliste vir versterking. Sommige nagklubs verskuif hul vertonings na die sypaadjies as simbool van die nuwe orde. Niemand het juis tyd vir politiek nie.

Die mense het hul roes afgeslaap; na hulle gesien het dat al die meisies in die strate klere aanhet, het hulle besluit om hulle nuwe vryheid te geniet.

'n Linkse groep kom spreek Pinto. Hy knyp sy monokel indrukwekkend vas en hou sy rewolwer binne bereik in geval van nood. Die leier van die linkses — 'n lang maer man, met 'n baard soos dié van Lenin of Trotski — is nie beïndruk nie.

“Gee ons vryheid” sê hy.

“Julle het vryheid, gelykheid en —”

“Meer vryheid. 'n Vrye proletariaat. 'n Vrye pers. 'n Vrye radio.”

“Julle is vry.”

“Fascisme heers nog in die land.”

Pinto kon geen antwoord vind op die man se eise nie. Hy wou nie teen die wense van die leër gaan nie.

'n Regse groep het hom kom lastig val. Die leier, 'n dikkerige, agressiewe man, het breedvoerig aangeval.

“Ons moet 'n vry land hê. Vrede.”

“Jy voer ons na bandeloosheid.” Die man se snor het begin bewe; sy vriende moes hom uiteindelik die kantoor uithelp; hy was buite homself van woede.

'n Afvaardiging van straatvroue besoek hom. Pinto is radeloos, redeloos verleë toe die sekretaresse hulle aankondig, dié geselskap wat enige ordentlike soldaat streng geheim sal opsoek.

Die leidster is 'n dikkerige, lelke vrou in haar middeljare.

“Gelykheid!” Haar stem is merkwaardig diep, maar hees en toonloos. “Ons wil dieselfde regte hê as alle werkersgroepe!”

Sy begin die voordele uiteensit wat toegeeflikheid vir die leër sal inhou. (Die leër! dink hy). Oplaas stuur hy haar na die Minister van Maatskaplike Dienste, wat haar uit sy kantoor jaag.

President Pinto bevind hom in 'n moeilike posisie. Boonop het hy sy monokel gebreek sodat hy slordig en beroof van sy keiserlike waardigheid voel. Sy volgelinge kyk ontsteld toe hy hom al hoe meer op kalmeerpille verlaat.

Daarbenewens moet die oorlog nog beëindig word. Die Minister van Buitelandse Sake doen sy bes, maar is geneig om hom te laat oorheers deur amptenare wat slegs hulself in gedagte het. President Pinto voel nog meer bedruk toe hy terugdink aan sy vorige gesprek met die buurstaat se ambassadeur.

Na 'n formele groet het hy met die deur in die huis geval.

“Meneer die Ambassadeur, Menosič is nou 'n vry land. Die nuwe regering, waarvan ek die hoof is, sal graag vyandelikhede met u land wil staak.”

“Meneer die President, dieselfde geld vir my land. Vrede kan egter nooit gesluit word solank u die agressie teen ons volhou nie.”

“Ons begeer vrede, vrede boweal. Onderhandelings oor 'n skietstilstaking moet dadelik aangeknop word in 'n neutrale land.”

“Dit is my regering se oortuiging dat u die agressor is en onderhandelings dus by ons moet plaasvind. Nogtans sal ek u wens aan my regering oordra.”

Die president begin ingehok voel in sy kantoor. Dit is asof hy verlang na sy vurige dae; dié tyd toe hy kon roep om vryheid, uit sy pos bedank en 'n held word in die oë van sommige; die dae van ballingskap

in sy plattelandse huis; die dag waarop die nuus van die opstand hom bereik het. Alles was eenvoudig: die diktator moes weg, hulle moes vrede hê.

Nou eis selfs die straatvroue regte op, regte wat hy hulle moet weier, miskien nie vir altyd sal kan weier nie. Sóveel politieke partye! en elkeen wil regte hê.

Is dít vryheid: die skel, eisende stem van 'n straatvrou?

Die boek het ongemerk met 'n effense ruk uit sy hande geval; ongemerk het hy weggeraak in 'n diep donker slaap.

'n Halfuur — meer? minder? — later word hy stadig, suf wakker, met 'n skerp hoofpyn. Hy tel die boek op, glimlag effens melancholies.

Dit is tyd vir sy samespreking met die samesweerders.

Daar word besluit op vryheid aan die linkses; regte aan alle werkersgroepe; straatvroue ingesluit. President Pinto argumenteer van tyd tot tyd hewig met een van die eenderse, eendersdenkende offisiere, maar sy gedagtes bly dwaal; hy verloor kort-kort enkele oomblikke lank kontak met wat om hom aangaan, registreer beswaarlik die verwyte woorde wat dikwels herhaal word:

“Onthou u belofte aan die leër. Wat van die leër?”

Hy moet geesdriftig sy instemming gee toe die offisiere hom vra om die hervormings goed te keur.

Dit laat sy aansien styg by die volk. Ondertussen begin die politieke partye mekaar verdring; snags op straat, selfs in sekere kafees wat die vergaderplekke is van verskillende politici, word dit onveilig, aangesien hul geesdriftige ondersteuners met rewolwers, af en toe selfs bomme rondloop. Die vrye pers en vrye radio doen hewige aanvalle op President Pinto. “Vanwaar hierdie toedrag van sake?” vra hulle. Sy kritici sluk hulle woorde toe hy op die Menosiaanse nasionale dag verklaar: “Die leër is die volk!” Die leiers van die opstand wens hom geluk; een of twee klap hom op die rug en lag agteraf oor sy star grinnik en dowwe oë.

Ondertussen bereik gerugte van huislike probleme die vrye vrouepers, en alhoewel die President, met glansende monokel, aangenome kind en vrou aan die sy hom nie daaraan steur nie fluister die volk dat sy vrou Pinto nog sal vergiftig.

Hy woon verdere samesprekings met die samesweerders by, maar vind dit steeds moeiliker om op sy werk te konsentreer. Een, twee maal val hy weer met 'n effense ruk in 'n diep slaap en word met 'n skerp hoofpyn wakker, waggel orent en steur hom aan geen dokter nie.

Die jong offisiere besluit om regte aan beroepsportmanne toe te ken; hulle stig self 'n Vakbond vir Snoekerspelers; tweemaal 'n week word kos aan die volk uitgedeel in die hoofstad, met 'n dubbele rantsoen vir soldate. Die oorlog duur voort. Die generaal word verkies tot ere-president van die Vakbond vir Snoekerspelers.

Op 'n dag, terwyl soldate besig is om kos uit te deel, versprei die nuus van man tot man dat Pinto dood is. Boodskappers word haastig na die stadshospitale gestuur vir bevestiging; by die presidentspaleis is alles donker. Hulle kry die generaal agter sy lessenaar, die kop voor-oorgeval, sy monokel stukkend, geklee in nagklere en 'n verslete kamerjas.

Daardie aand het die vrye radio treurmusiek gespeel onderwyl die leër kookus oor 'n opvolger.

LITERÊR-AKTUEEL

F. C. FENSHAM

DIE AFRIKAANSE BOEKEFEES IN DIE PAARL

Op 10 Oktober word die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl ingewy. Dit sal hoofsaaklik deur middel van die gesproke woord geskied. Daarom het die F.A.K. in samewerking met die Afrikaanse Taalmonumentkomitee besluit dat daar ook aandag gegee behoort te word aan die geskrewe woord. Daar is toe besluit om van 7-9 Oktober 'n boekefeess in die Paarl te hou. Dit sal geskied in die historiese gebou van die Laerskool Gimnasium. Hierdie gebou is deur die toedoen van ds. G. W. A. van der Lingen opgerig. Hoe meer 'n mens hierdie predikant se lewe bestudeer, hoe duideliker word dit dat hy deur sy opvattinge in 'n sekere sin die vader van die G.R.A. genoem kan word.

In die saal van hierdie skoolgebou gaan daar 'n groot verskeidenheid van die beste wat in Afrikaans gepubliseer is, vertoon word. Daar gaan nie net gelet word op die inhoud van die boeke nie, maar hulle uiterlike gaan ook in ag geneem word. Dit gaan nie 'n uitstalling wees wat die geskiedenis van die Afrikaanse boek weergee nie, maar 'n deursnit van die beste moderne werke. Ons is in die huidige stand en gehalte van die Afrikaanse boek geïnteresseerd.

In twee klaskamers gaan die groot verskeidenheid woordeboeke en die paar ensiklopedië wat in Afrikaans is, vertoon word. Daarby kom nog 'n keur van die publikasies wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie bekroon is asook 'n Bybeluitstalling. By die Bybeluitstalling gaan ook 'n aantal kosbare ou handskrifte van die vroegste Afrikaanse Bybelvertaling vertoon word.

In die saal gaan twee temas visueel voorgestel word, nl. die ontwikkeling van skrif en dié van die boekdrukkuns. Die ontwikkeling van skrif loop van prentjieskrif tot die agtiende eeuse Hollandse skrif aan die Kaap.

Wat die werksaamhede betref, is daar besluit om ongeveer dertig skrywers en skryfsters uit te nooi om die boekefeess afwisselend by te woon. Hulle sal dan tot beskikking wees van persone wat die boekefeess besoek. Daar is ook met die Kaapse Onderwysdepartement gereël dat skoliere afwisselend by die feess aankom. Die verrigtinge sal verder opgeleuster word met filmvertonings oor skrywers deur die Nasionale Filmraad en geslotebaan-beeldradio met 'n program wat deur die S.A.U.K. voorberei word.

Op 7 Oktober, die openingsaand, sal Audrey Blignault optree. En so hoop ons om 'n slag vir die Afrikaanse boek te slaan. Vroeër is daar al in ons land boekuitstallings gereël, maar nog nooit 'n boekefeess van hierdie omvang en gehalte nie. Die gedagte is dat die feess in die jare wat kom, herhaal sal word by ander sentrums in ons land sodat dit uiteindelik 'n gevestigde instelling sal wees.

Hier kan net bygevoeg word dat in die Malherbe-huis, digby die boekefeess, 'n volledige uitstalling sal plaasvind van publikasies van die G.R.A.

WEDSTRYD VIR OORSPRONKLIKE AFRIKAANSE JEUGVERHALE

Die uitgewersfirma J. P. van der Walt en Seun (Edms) Bpk. het 'n wedstryd vir oorspronklike Afrikaanse jeugverhale gereël. Alle Suid-Afrikaanse burgers, behalwe lede van die firma se personeel en hulle gesinne, mag aan die wedstryd deelneem.

'n Prysgeld van R2 000 is aan die wedstryd verbonde: R1 000 vir die manuskrip wat deur die beoordelaars as die beste van al die inskrywings aangewys word, en twee pryse van R500 elk vir die volgende twee beses. Die volle prysgeld sal toegeken word.

Die sluitingsdatum vir inskrywings is 1 Desember 1975.

Manuskripte moet tussen 30 000 en 60 000 woorde lank wees, in dubbelspasiëring getik op slegs een kant van A4- of folio-tikpapier. Daar is geen beperking ten opsigte van tema nie, behalwe dat die vertelling teen 'n Suid-Afrikaanse agtergrond moet afspeel. Slegs een eksemplaar van die manuskrip is voldoende; afskrifte is nie nodig nie. Daar is ook geen beperking op die aantal inskrywings per outeur nie.

Alle inskrywings sal anoniem aan die beoordelaars voorgelê word. 'n Ekstra titelblad moet derhalwe aan elke manuskrip geheg word, en daarop moet slegs die titel van die verhaal en 'n skuilnaam verskyn. Die finale beoordeling sal gedoen word deur drie beoordelaars, onafhanklik van mekaar en onbewus van mekaar se identiteit. Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen korrespondensie sal oor die uitslag gevoer word nie. Die name van die beoordelaars sal ná die beoordeling bekend gemaak word.

Die bekroonde manuskripte sal gedurende 1976 gepubliseer word. Benewens die prysgeld, sal skrywers ook nog die gewone tantième op die verkope van hul boeke ontvang. Ook alle ander nie-bekroonde inskrywings wat geskik is vir publikasie, sal op gewone tantième-voorwaardes uitgegee word. Die Uitgewer maak slegs aanspraak op die boekpublikasieregte — rolprent-, radio-, televisie- en alle ander regte bly die outeur s'n.

Ontvangs van alle inskrywings sal erken word, maar die Uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige verlies van of skade aan manuskripte nie. Alle nie-bruikbare manuskripte sal na afloop van die wedstryd aan outeurs teruggestuur word.

Inskrywings, gemerk: *Jeugverhaalwedstryd*, moet per aangetekende pos gestuur word aan: Die Ouditeure, Posbus 1451, Pretoria 0001, of kan per hand afgelewer word by D.B.S.-gebou 202, Sentraalstraat, Pretoria 0002.

Nadere besonderhede kan verkry word van Die Uitgewer, Posbus 123, Pretoria 0001, of telefonies by Pretoria 3-2341.

SKYFIES

Liewe Lesers en Leseresse

En dit was toe Basta — en: Basta met die Hertzogprys! roep almal toe tesame. Ai mense, en hét daar hoë woorde geklink oor die hooggeleerde letterkundiges se hovaardigheid om Die Prys nie te wil toeken nie! Daar was selfs 'n krant wat gevra het: lui die Akademie dan nie nou 'n "belemmeringsfase" in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis in nie, met dié dat hy nie vir iemand, nee vir g'neen, Die Prys wou gee nie? (Maar is dit nie so, dat hul die literatuur *juis* sal belemmer, as hulle 'n prys gee vir 'n boek wat dit nie verdien nie?) Daar was so baie, só baie wat gesê het, Die Ou Prys Maak Nie Meer Saak Nie. (Maar nou dink ek weer: sê-nou-maar Die Regte Een het dit gekry — sou dit dan weer kon Saak Maak?) Maar daar was één man wat seker die Akademie bly gemaak het, toe hy gesê het, hulle kan nou as 't ware maar hulle Ou Prys hou — dit was dr. Coetzee, dink ek, hy werk mos vir *Rapport*? Ek meen, deel nou so 'n duisend Rand onder die Letterkundige Kommissie uit, dan kan hulle darem met die Junie se Jaarvergadering lekker Wynroete ry so al rondom Stellenbosch rond, as 't ware so al agter Bacchus aan deur die Boland.

Maar ék wil nou vir julle sê, baie vertroulik, ek het dit uit 'n Baie Betroubare Bron gehoor (en as dit by vertroulike Akademie-sake kom, soos u weet, liewe lesers en leseresse, vloei daar so dan-en-wan iets vryelik voort uit 'n Betroubare Bron, mooi helder en duidelik veral vir die krante om te hoor — al klink dit hoeka partykeer asof Die Bron meer weet as die Akademie se rade en komitees self). Ek het gehoor, *presies waarom* Die Prys nie toegeken is nie, en dit het g'n niks met Drukroepe en Dergelike Dwingelandy te doen nie, maar die Akademie is glo wêl bang — ja, gewoon bang vir die toespraak wat hulle dalk van die ontvanger sal moet aanhoor as Die Prys die dag toegeken word.

Kyk, 'n mens kan darem ook insien dat 'n prys-uitdeler deserdae kan bang word. Vat nou die keer toe mnr. Rousseau die C.N.A.-prys gekry het. Hy't nie vir my bly gelyk daaroor nie. Hy't maar bra ontevrede geklink met die Afrikaners — al koop en geniet hul so ewe ordentlik sy boek, by die handevol, soos ek hoor, duur soos dit is. Of was dit nou weer Die Beeld van Die Afrikaner waaroor hy dit gehad het (maar daar kan tog nie so 'n ding wees nie; die twee direksies sal mos nooit toelaat dat jy dié dinge bymekaar gooi nie?) En die keer toe dr. Schmidt die Perskorprys gekry het! Kwaad was die man tog! Ráás met, wat hy noem, die "onresente resensente" (tog vir my so mooi, daardie woorde: ek meen, dit vat darem 'n *digter* om so te kan rym!) Sê: dis ook so treurig te moede vir die skrywers in hierdie land — die beste Afrikaanse literatuur word gemaak deur die uitgewekenes. Nou, 'n man sal darem 'n hele ent kan uitwyk met — hoeveel is dit nou weer? — tweeduisend Rand se prys. Al is dit seker nie wat Perskor, ter bevordering van die letterkunde, met die prys in gedagte gehad het nie — dit sal mos alteveel lyk of hulle trekarbeid aanmoedig. (Sou dr. Schmidt sy *Terra Incognita* ook buitekant die ou tuisland geskryf het, dat dit so prys-enswaardig was?) Ag, ek wonder darem . . . kan die manne dan nie 'n bietjie feesteliker voel as ander mense tog so moeite doen om dit vir hulle lekker te

maak nie? 'n Bietjie blyer lyk, soos hulle daar staan, die ou tjekkies in die hand, en 'n goeie etetjie tussen die blaaië? Nee, dis 'n *pretensie* hierdie, wat daardie *formidabele* en *memorabele* incognito-litterateur Oswald Faure op *admirabele* wyse sou kon *platslaan*. Onthou u hom nog, liewe lesers en leseresse?

Hier met die lente saam verlede jaar het hy gekom na een van ons krante toe, en deur luttel maande heen (kort voor Krismis was hy stil) wou hy die hele ou Afrikaanse literêre wêreldjie aan die kort haartjies beetkry. Hy wou "aantoon hoe mank die huidige kritiek wel is", hy wou "kanttekeninge maak by gruwelike stukke (literêre) mistasting", hy wou behoorlike verse in voordragprogramme hoor, "kort, kragtig en redelik lirie . . . waarin al die beste elemente en die styl van die digter die beste deurskemer . . . 'n Bondige kristal, so te sê" (dis nou toe hy dit gehad het oor 'n radioprogram van ene Stephan Bonner of Stephen Bouwer — mens kon nie mooi duidelik uitmaak wie nie). Al wat daardie skrobberings kon oorleef, sover ek kon sien, was die vroeëre Pretoriase tydskrif WURM, al is dié ook al lankal, by wyse van spreke, 'n papie. Waar's die Faure van verlede jaar? Ek vra. Sou dit wees, as ek nou so terugdink hoe ongelukkig die literatuur van hierdie ou tuisland die man gemaak het, sou dit wees dat hy hom gevoeg het by daardie manne wat die beste Afrikaanse literatuur maak? Êrens op 'n terras, incognito?

Bedeesd die uwe,

Ou Grietjie.

AURORA 4/75/7448